# DR. OTTO GOTTLOB SCHNITTER

## Van skeeps- en mynarts tot boeredokter

**F.A. van Jaarsveld**
*Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis*
*Universiteit van Pretoria*
*0002 Pretoria*

**Dr. Otto Gottlob Schnitter, from ship and mine surgeon to rural physician**

Dr Otto Gottlob Schnitter was born in Germany where he received a traditional Prussian education. He qualified as a medical doctor but did not practice in Germany on a permanent basis. His restless nature and negative experience at home after the death of his father drove him on journeys to four continents. He intended settling in Australia, but left that country after a short stay and ended up in Johannesburg. He never returned to Germany but stayed in contact with his relatives there. Letters written by them to him throws some light on this enigmatic German immigrant who never applied for South African citizenship.

Schnitter spent the last and most important part of his career as a rural doctor on the Transvaal Highveld. After the Anglo Boer War, during which he treated the ill and wounded on the Boer side, he married an Afrikaans girl and settled on a farm. He suffered badly from epilleptic attacks, but continued to work as doctor right up to his death in an accident. His wife and two young sons outlived him. His wife remarried, but her second husband mistreated her sons. Both nevertheless achieved respectable positions in later life.

Dr. Otto Gottlob Schnitter is in Duitsland gebore waar hy 'n eg-Pruisiese opvoeding gehad het. Aanvanklik het hy hom as mediese dokter bekwaam, maar sy rustelose gees en klaarblyklike ongelukkige kinderjare het hom tot 'n swerwerslewe gedryf. Hy het vier kontinente besoek en dit oorweeg om hom in Australië te vestig, maar dit was nie so bestem nie. Sy pad het uiteindelik na Suid-Afrika gelei waar hy as een van die weinige universiteitsopgeleide dokters in die ZAR ten einde laaste rus en vrede op die Oos-Transvaalse Hoëveld gevind het. Daar is hy met 'n Afrikanernooi getroud en sodoende het hy hom volkome met die plattelandse Afrikanerlewe vereenselwig.

Dr. Schnitter het as mediese arts 'n waardevolle diens aan die boeregemeenskap gelewer, ondanks die feit dat hy aan epilepsie gelei het. Dit was veral tydens die Anglo-Boereoorlog wat sy dienste aan die Boerekommando's onmisbaar was. Na die oorlog het mense van heinde en verre gekom om deur hom behandel te word, en ook het hy self nie geskroom om soms ver te reis ten einde sy pasiënte te besoek nie. Sy taak was onvoltooid toe 'n botsing teen 'n trein sy lewe geëis het. Sy vrou en twee seuntjies het hom oorleef. Sy is weer getroud. Haar man het haar en Schnitter se seuns stief behandel. Beide het nogtans in hulle latere loopbaan senior posisies beklee.

## 'n Vergete doktersgraf en kliniese huis op die Oos-Transvaalse Hoëveld

Aan die voet van 'n koppie tussen die blouysterklipheuwels van die Boonste Rooikoppe - die naam van 'n veldkornetswyk uit die dae van 'n Boere-Transvaal - lê 'n graf met 'n inskripsie op die kopklip:

> Dr. Med. Otto Gottlob Schnitter, geboren op den 25 Aug. 1864, overleden door ongelukt op den 11 Julie 1917 te Greylingstad.

Die graf het 'n ooswaartse sig op 'n rantjiesveldwêreld en op die huis wat die dokter in 1913-14 vir sy gesin laat bou het. Die plek dra die naam Rusfontein, waar hy egter nie in lewe sou rus nie. Hy het slegs drie jaar daar gewoon voordat hy na 'n tragiese ongeluk vir goed daar ter ruste gele is. Die naam Rusfontein was dus uiteindelik nie onvanpas nie, veral as 'n mens daaraan dink dat die dokter 'n rustelose reisiger was wat vier kontinente besoek het.

Die huis wat dr. Schnitter deur Duitse boumeesters in 1914 opgerig het, is tot vandag toe nog die mooiste, duursaamste en merkwaardigste huis in die omgewing, imposant van voorkoms. Drie sierlike, hoë skoorstene in die Duitse styl kenmerk hierdie statige staandakhuis met sy rooi baksteenmure, hoë sandsteenfondamente en lang noordelike stoep met baksteenpilare. Deur die drie kaggels wat die kombuis en drie ander vertrekke bedien het, wou die dokter die Hoëveldse koue temper, en op sy stoep die winterson en somerskaduwee geniet.

Die huis staan op gelykgrond met 'n noordelike val wat 'n koppetjie vorm, begroei met kiepersol, wildeperske, bloubos en witstinkhout. Dit vorm 'n natuurlike rotstuin met 'n verre noordelike sig. Die huis het vier gange waarvan drie parallel suid-noord loop, wat vier slaapkamers en 'n badkamer, 'n sitkamer, eetkamer en 'n kombuis met twee spense bedien. Dit bevat ook 'n wagkamer vir pasiënte en 'n spreekkamer waarin medisyne, boeke en 'n operasietafel gehou is, albei geleë aan weerskante van die oos-wesgang agter 'n sierlike voordeur met twee rusbankies aan die buitekant en 'n ruim portaal aan die binnekant - 'n ware herehuis wat die status van 'n mediese dokter weerspieël. Die huis was van hanggaslampe voorsien en van 'n petrolenjin wat water van 'n standhoudende boorgat na 'n kombuis- en badkamertenk gepomp het.

Dr. Schnitter se huis is gebou op 'n onderdeel van 'n ou Boere-burgerregplaas van die 19de eeu, nl. Rietvlei 190. Die 272 morg wat in 1909 deur hom aangekoop is - tipiese randjiesveld met doloriet en rooigrond langs 'n bergvlei waar die water uitgehaal en landjies bewerk is - is as Rusfontein geregistreer.[1] In 'n tyd toe volstruisvere gesog was, het die dokter daar aanvanklik met volstruise geboer. Dit blyk uit 'n brief van sy broer, Curt, en sy vrou, waarin dank uitgespreek is vir die vere wat hy in 1913 aan hulle as geskenk na Cottbus in Duitsland gestuur het.[2] Die plaas is geleë in die Heidelbergse distrik ongeveer 100 km suidoos van Johannesburg, en ongeveer in die middel tussen vier Suidoos-Transvaalse dorpe, nl. Balfour, Grootvlei, Villiers en Greylingstad. Op laasgenoemde dorp was die dokter se poskantoor, bank en spoorwegstasie.

---

1. Transportakte nr. 4075/1909.
2. Curt aan Otto Schnitter, 8-7-1913.

Wie was hierdie Duitse dokter[3] wat in 1905 met 'n boeremeisie getroud is, twee seuntjies by haar gehad het, en hom volkome met 'n boeregemeenskap vereenselwig het, hulle medies bedien en self ook geboer het? Dit is selde dat 'n dokter hom as medikus en boer tussen boeremense vestig, en nie in 'n dorp nie. Uit oorlewering weet ons dat hy bemind en beroemd was by 'n boeresamelewing wat hy deur en deur geken het. Hy het hulle taal leer praat en hulle in siekte, nood en dood bygestaan. Geen wonder nie dat dr. Schnitter na sy ontydige dood in 1917 tot 'n legende verhef is, wat tot vandag toe leef by die afstammelinge van sy eertydse bure en pasiënte.

**'n Gesofistikeerde stedelike mens, mediese student en weermagarts**

Otto Gottlob Schnitter wat die omgekeerde name van sy pa ontvang het - die derde seun

---

3. Die geskiedkundige gee nie altyd redes waarom ondersoek na 'n tema gedoen word nie. In die geval van dr. Otto Schnitter is dit wel nodig om te motiveer. Hier geld redes van 'n persoonlike aard, wat aanleiding gegee het tot die ondersoek. Dr. Schnitter is in 1917, vyf jaar voor my geboorte, oorlede. My vader was sy buurman op 'n aangrensende deel van Rooiwal 295 en my broers en sy twee seuns, Otto en Curt, speelmaats. Ek het in die legendes rondom die dokter grootgeword.

In 1933 het ek te perd elke dag sowat ses kilometer ver na die plaasskool, Rietvlei, by die dokter se pragtige huis en die wit grafsteen verby gery. Daarin het toe sy weduwee, tant Sannie gebly, hertroud met oom Jurie Geldenhuys, wat met die oorlede dokter se tandetang die buurt se tande getrek het.

In 1942 het die dokter se twee seuns die plaas Rusfontein aan my broer Ernst, verkoop, waarop my ouers agt jaar lank daarin gewoon het. In hierdie huis het ek my MA-tesis in 1945 oor die *Veldkornet* geskryf. Op 4 Augustus 1950 het my broer self daar ingetrek, en sy kinders daarin grootgemaak tot 1976, toe hy na Marble Hall verhuis het, waarop sy seun, Ernst Jacobus, daar intrek geneem het, en vandag nog daar woon.

Ek het nooit daaraan gedink om oor dr. Schnitter ondersoek te doen nie, totdat my skoonsuster, Lettie van Jaarsveld, gebore Van Eeden, wat saam met my st. VI op die plaasskool Rietfontein deurgekom het, my in 1994 gevra het om uit te vind wie dr. Schnitter was. Ek het die uitdaging aanvaar en met ondersoek in die Kaapse, Vrystaatse en Transvaalse argiefbewaarplekke, die Suid-Afrikaanse Biblioteek, die Staatsbiblioteek en die Africanabiblioteek van UP begin. In die Kaapse en Vrystaatse argieflbewaarplekke kom sy naam nie voor nie, en in Pretoria was daar net twee verwysings na hom. Ook mediese tydskrifte het weinig opgelewer.

Deur boedels te ondersoek het ek met mev. Elsa Andrag, 'n dogter van dr. Schnitter se seun Curt, in Bloemfontein in aanraking gekom, en sy het my met stukke oor haar oorlede oupa voorsien, asook 'n foto. Die stukke bevat o.a. sy gimnasiumrapport, sy doktorsertifikaat, sy opgawe vir die Duitse Weermag, 'n dagboek oor sy vyf wêreldreise per stoomskip, en 'n aantal briewe van sy familie in Duitsland, nl. sy oom Richard Kiess en sy broer Curt, wat vanaf 1910 tot 1917 dateer. Van dr. Schnitter se briewe na Duitsland het niks bewaar gebly nie, sodat 'n mens nooit sy persoonlike indrukke van Suid-Afrika en die Boere te wete sal kan kom nie.

Na sy vestiging in Suid-Afrika het hy ook geen dagboek aangehou nie, óf dit het deur sy vrou se tweede huwelik verlore gegaan, wat 'n verlies is, want dit sou belangrike mediese en kultuurhistoriese inligting kon verskaf het. Omdat albei sy kinders oorlede is, Otto in 1977 en Curt in 1985, en tydgenote rondom die begin van die eeu nie meer uitgevra kon word nie, is die historikus dikwels van afleidings afhanklik. Daar sal dus gapings in hierdie studie bly.

Ek is ook dank verskuldig aan mnr. Ludwig Ankiewicz, wie se vader dr. Schnitter persoonlik goed geken het, en wat my van inligting oor die dokter se oorlogsjare, 1899-1902, voorsien het. Mnr. E.J. van Jaarsveld, 'n neef wat die huis tans bewoon, het my per bakkie na Hexrivier geneem, waar ek die ou spookmyndorp eerstehands kon waarneem en foto's neem. My dank ook aan dr. Jens Kruger en mev. Ruth Dettweiler wat agt briewe in die Duitse gotiese handskrif aan my voorgelees het, op grond waarvan ek aantekeninge kon maak. Briewe in die romeinse skrif en die Dagboek kon ek self lees. Dank ook aan mev. Estelle van Rooyen van Fichardtpark, Bloemfontein, wat die boedel van Jurie Johannes Geldenhuys aan my gestuur het.

- is op 25 Augustus 1864 gebore, en op 16 September in die Evangelische Kirchengemeinde te Altdöbern, in Brandenburg gedoop.[4] Sy vader was Friedrich Gottlob Otto Schnitter (Otto genoem) en sy moeder Wilhelmine Emma Kiess (Emma genoem). Sy pa was 'n fabriekseienaar[5] - moontlik die verwerking van steenkool - en welgesteld, sodat hy sy kinders geleerdheid kon gee.

Otto was die jongste van vier kinders, drie broers en 'n suster, Alice wat met dr. Carl Thiem getroud was. Hy het 'n eie kliniek in Cottbus gehad waarnaas 'n hospitaal gebou is, waarin hy as hoofarts sou dien.[6] Dr. Otto Schnitter se broer Curt het in 1905 'n sake-onderneming in die wynhandel van hulle oom Richard Kiess in 'n erg verwaarloosde toestand oorgeneem. Na hulle ma se dood in 1910, het hy 'n familiesaak daarvan gemaak, waarin ook dr. Schnitter 'n aandeel gehad het. Curt het dit so goed opgebou dat hy 'n "ryk man" geword het.[7]

Dan was daar 'n broer, Alfred, wat nie 'n goeie reputasie gehad het nie, bankrot gegaan het en dinge gedoen het waaroor sy broer Curt skaam was. Trouens sy oom Richard Kiess, sy ma se broer, het per brief vir dr. Schnitter gevra om vir Alfred te vergewe en aan hom te skrywe, want hy het sy vroeëre handelswyse berou.[8] Alfred het na die VSA geëmigreer en hom in New York hervestig. Hy het 'n goeie vrou getrou wat hom op die regte pad gehou het. Volgens die suster, Alice, wou hy na Duitsland terugkeer om hom via Switserland in die hotelbedryf te bekwaam, en 'n hotel te koop.[9] Of hy in Amerika gebly of teruggekeer het, weet ons nie.

Dr. Schnitter het as kind nie 'n gelukkige huislike lewe geniet nie. Die probleem het by sy ma, Emma, gelê. Sy was moeilik, eerder neuroties. Sy suster het na sy ma se dood die sluier enigsins gelig. Na haar man, Otto, se dood in 1891, het Emma Schnitter "gebly soos sy was". Tot haar dood in 1910 - 19 jaar na haar man se heengaan - het sy stoksielalleen gebly, was wantrouig teenoor almal, inhalig, geldgierig, onverdraagsaam en asosiaal, onvriendelik en geneig om "heftig" te word. Sy was vreksuinig en het met Kerstyd geen geskenkies aan haar kleinkinders gegee nie.[10] Geen wonder dat Otto nie graag met Kerstyd by die huis wou wees nie, en liewer na sy suster Alice Thiem of sy oom, Richard Kiess, gegaan het. In 1893 het hy bely dat hy sedert 1890 vier keer nie vir oukersaand tuis was nie. Hy was hom nie bewus van 'n enkele mooi Kersfees by sy ouerhuis nie; altyd was die vrees by hom lewendig dat dit deur "disharmonie" en "onlus" versteur sou word. Om 'n gewyde stemming en rustige gemoedstoestand te geniet, was dit vir hom beter dat hy nie by die huis moes wees nie. Geen wonder nie dat Otto onsekerheid, besluitloosheid en uiterste indiwidualisme in sy lewe ervaar, en 'n tipe "anwandlende Bewusstsein" ontwikkel het, wat iets te doen gehad het met sy "Bümmelei" - 'n soort swerwerslewe op see en land, wat van 1893 tot 1896 geduur het.[11]

Otto Gottlob Schnitter was 'n gemiddelde leerling wat blakende gesondheid geniet, en

---

4. Doopinskrywing in die kerklike register 1864 aan my verskaf deur mev. Elsa Andrag wat op 19 Mei 1993 die gemeente persoonlik besoek, en 'n afskrif daar gekry het.
5. "Personalbericht" van die Duitse Weermag oor dr. Schnitter, 23-2-1893.
6. Curt - Otto Schnitter, Cottbus 8-7-1913 en Richard Kiess - Otto Schnitter, Cottbus, 29-10-1913.
7. Curt - Otto Schnitter, Cottbus, 8-7-1813 en Richard Kiess - Otto Schnitter, Cottbus, 8-5-1917 en Curt - Otto, 8-7-1913.
8. Richard Kiess - Otto Schnitter, Cottbus, 2-11-1915.
9. Alice Thiem - Otto Schnitter, Cottbus, 14-1-1911.
10. Alice Thiem - Otto Schnitter, Cottbus, 14-1-1911 en Richard Kiess aan Otto Schnitter, Cottbus, 14-7-1913.
11. Otto Schnitter, "Tagebuch geführt auf der Reise nach Japan", pp. 38-39, aantekening, 24-12-1893 en "Tagebuch", p. 137, inskrywing 1-4-1894. Voortaan aangehaal as Tagebuch.

in gimnastiek en toneelspel uitgeblink het.[12] Sy ouers het na Cottbus, die tweede grootste stad in Brandenburg en sowat 135 km van Berlyn, verhuis waar hy op die gimnasium was tot 1884. Daarna het hy die gimnasium te Sorau bygewoon en daar op 22-jarige leeftyd - waarom op so 'n laat ouderdom weet ons nie - die eindeksamen voor 'n Koninklike Kommissie op 24 September 1886 afgelê, wat hom toegang tot 'n universiteit verleen het.[13] Sy Sorau-gimnasiumrapport het hom as 'n "belangstellende en vlytige" student omskryf, wat in kennis en vaardighede "bevredigend" (genügend) gepresteer het. Hy het bevredigende punte in Duits, Latyn, Grieks, Hebreeus, Geskiedenis en Geografie behaal, maar nie in Frans nie. Engels het hy nie as vak geneem nie en later daarmee gesukkel. In Fisika en Wiskunde het hy "goed" gedoen en in gimnastiek "recht gut". Daarom dat hy 'n mediese studierigting aan die universiteit gaan volg het. Hy het hom aan 'n ou Duitse tradisie gehou, nl. om van een universiteit na 'n ander te verskuif. Van 1886 tot 1889 het hy in Greifswald, in 1889 in Wurzburg,[14] en toe aan die universiteit Strassburg in Elsas gestudeer, waar hy op 4 Mei 1891 die "doctorem promotus" verwerf, en op 14 Junie 1892 die "Approbation" van die staat se mediese eksamenkommissie geslaag het met as predikaat "goed", wat hom toegang tot die mediese professie oral in die Duitse Ryk met die titel "Dr Med" verleen het.[15]

Die vraag was waar die 28-jarige dokter vir 'n lewensbestaan moes werk? In 1894, tydens 'n reis per stoomboot terug van Japan en China, het hy in gedagte gehad om hom as arts in Australië te vestig, of om die moontlikheid te oorweeg om by die Duitse staatsdiens aan te sluit en 'n betrekking in een van die Oos-Afrikaanse kolonies aan te neem. Op sy wêreldreise sou hy 'n beslissing neem, veral nadat hy Australië besoek het.[16]

Aanvanklik het die student Schnitter as vrywilliger by die Duitse Weermag aangesluit en gedurende sy vakansietye basiese opleiding gekry en gedril soos dit 'n goeie Pruis betaam. Van 1 Oktober 1888 tot April 1889 was hy in Greifswald by die leër betrokke, daarna etlike maande op ander plekke, o.a. te Strassburg en Potsdam - altesaam 'n jaar en anderhalwe maand. Ook van 12 April 1889 tot 31 Julie 1892 en 2 Februarie 1893 het hy in die Weermag gedien, waarna hy op reserwe eers as "Assistent" en toe as "Oberarzt" by die Berlynse Bezirkskommando III, Sektion II, b.J, as nr. 658, geplaas is.[17]

Lojaal en getrou soos hy as Pruisiese soldaat was, het dr. Schnitter, nieteenstaande afwesigheid in die buiteland, elke tweede jaar in verbinding met sy militêre eenheid getree en verdere "Auslandurlaub" (buitelandse verlof) aangevra wat van 1899 tot 1911 altyd toegestaan is, egter op voorwaarde dat hy, in geval van mobilisasie vir oorlog, onmiddellik na Duitsland moes terugkeer om diens as militêre arts te lewer. Op 7 April 1913 het Schnitter sy laaste verlof vóór die uitbreek van die Eerste Wereldoorlog as "Oberarzt" gekry,[18] maar op grond van sy ouderdom - hy was toe reeds 49 jaar oud - is nie weer geëis dat hy ingeval van mobilisasie, onverwyld na Duitsland moet terugkeer nie, wat in sy guns as Duitse burger in Suid-Afrika getel het - hy het nooit in sy lewe 'n Suid-Afrikaanse burger geword nie - anders sou hy waarskynlik geïnterneer gewees het, waarop ons later terugkom.

---

12. Curt aan Otto Schnitter, Cottbus, 8-7-1913.
13. Zeugnis der Reife für den Bögling des Gymnasiums zu Sorau, 2-9-1886.
14. "Personalbericht" van die Duitse Weermag, 23-3-1893.
15. Approbation als Arzt (nr 5909), uitgereik op 22-6-1892 te Strassburg.
16. Otto Schnitter, Tagebuch, p. 137, Port Said, 1-4-1894.
17. Personalbericht, Duitse Weermag, 23-3-1893, p. 2.
18. Skrywes van dr. Schnitter vanuit Suid-Afrika, 6-4-1899, 2-12-1904, 7-4-1905, 5-4-1907, 26-3-1909 en verlofsertifikate van die Weermag, 18-3-1909, 23-4-1909, 3-3-1911 en 7-4-1913. Kyk Elsa Andragstukke en Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), CES 1, verwysing ES 70/703/14.

**Die militaristies-patriotiese Tweede Duitse Ryk waarin dr. Schnitter grootgeword het**

Otto Schnitter sou nie in die Duitse Weermag van keiser Wilhelm II as militêre arts diens verrig nie. Waarom weet ons nie. Miskien het sy swerwerslus hom daarvan weerhou. Moontlik het hy as humane mediese praktisyn hom van militarisme gedistansieer. Aan die begin van 1914 het dr. Schnitter se studievriend, dr. H. von Reiche, vanuit Hamburg hom oor die internasionale toestand ingelig, patriotiese uitinge oor heldedom gemaak en verklaar dat hy nie vrees vir die vaderland nie. Duitsland was bereid om te veg vir sy idees.[19] Dit toon die houding van professionele en intellektuele mense van die Tweede Duitse Ryk.

In sy *Deutschlands Griff nach der Weltmacht*[20] het Fritz Fischer die militaristies-ekspansionistiese ideale van Duitsland blootgelê en in sy *Dream of Empire*[21] skets Franz Hubmann die politieke ideale, lewenstoestande en ekonomiese verhoudinge van die Tweede Ryk waarin dr. Schnitter opgegroei het. Dit was 'n romantiese tydperk waarin "made in Germany" en "Blut und Eisen" aan die orde van die dag was, 'n tydperk waarin keiser Wilhelm II ná Bismarck se val in 1890, self magspolitiek gevoer, en 'n skitterende status aan die hoofstad, Berlyn, verleen het. 'n Magtige oorlogsmasjien en 'n vloot is opgebou wat Brittanje na die kroon kon steek. Dit was 'n tyd van bloeiende kultuur, maar ook van trots, patriotisme en die ideaal om 'n magtige wêreldryk op te bou.

Die teëstelling met die Britse Ryk het na aanleiding van die Jameson-inval van 1896 in Transvaal, deur middel van die Krugertelegram sigbaar geword.[22] In 1896 het die Keiser verklaar dat Duitsland tot 'n "wereldryk" geword het. Teen 1914 het die Tweede Duitse Ryk 1,6 miljoen vierkante kilometer beslaan en daardeur vir homself "'n plek onder die son" verseker. Daarom dat dr. Schnitter aan vestiging in Oos-Afrika gedink het, maar hom, hoewel hy aanvanklik Australië verkies het, in 1896 na die Jameson-inval, in die Zuid-Afrikaansche Republiek gaan vestig het, eers in die turbulente stad Johannesburg, maar uiteindelik, in 1897, op die Transvaalse platteland waar hy die gewoel van 'n stad ontsnap, en in isolasie geleef het.

Dr. Schnitter was Engels nie goed magtig nie, het moeilik gekry om dit te praat en derhalwe op sy seereise Engelse grammatikaboeke ywerig bestudeer. Sou stamverwantskap en 'n aanverwante taal hom beïnvloed het om Suid-Afrika bo Australië, en die platteland bo die stad te verkies? Miskien wou hy die militarisme van Duitsland ontsnap, hoewel hy gereeld aan sy Weermag gerapporteer het, óf sy familieverhoudinge het hom beweeg om so ver moontlik van die huis te wees. Hy was 'n eensame maar rustelose gees wat vrede en stilte nodig gehad het. In die natuur het hy geluk gevind.

'n Goeie beskrywing van die Duitsland van dr. Schnitter se kinder- en studentejare vind ons in Thomas Nipperdey se *Deutsche Geschichte, 1866-1918: Machtstaat vor der Demokratie*[23] en *Arbeitswelt und Bürgergeist, 1866-1918*[24] - jare wat dr. Schnitter se lewenspan dek. In die boeke word o.a. verwys na die waarde wat in Duitsland aan 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam (Turnen) geheg is, en aan reis as 'n nuwe verskynsel in die industriële wêreld van verlof (Urlaub), die bus, trein en stoomskip. Hierdie gees kon dr. Schnitter beïnvloed het om op reis te gaan en as skeepsarts en passasier die wêreld oor 'n tydperk van vier jaar te verken. Hy was fisies sterk en daarby 'n kultuurmens. Hy het

19. Dr. H. von Reiche - Otto Schnitter, Hamburg, 2-4-1914.
20. Düsseldorf, 1961.
21. London, 1972.
22. H. Rosenbach, *Das Transvaalproblem als Faktor der deutsch-englishen Beziehungen, 1896-1902*, D.Phil. Diss. Bonn, 1991.
23. München, 1992.
24. München, 1990. Vgl. pp. 176-191.

gehou van die teater, musiek, skaak, biljart en vreemde wêrelde en stede, waarin hy teaters, museums, geboue, botaniese tuine en mooi landskaptonele gereeld besoek het.

Waarom dr. Schnitter hom nie as arts in sy vaderland gevestig het nie, sal ons nooit duidelik weet nie. Sy Dagboek werp lig op 'n paar moontlike redes, waaroor reeds gehandel is. Eerstens was daar die huislike omstandighede tuis, wat nie van geluk getuig het nie. Na sy vader se dood op 8 Mei 1891 - die jaar waarin hy as dokter aan die Universiteit van Strassburg afgestudeer het - het hy hom losgemaak van sy ouerhuis, moontlik vanweë 'n uiters moeilike moeder. Oukersaand 1893 het hy nie heimwee gehad of vereensaamd gevoel nie, en wou hy liewer vanweë die disharmonie en onlus nie tuis wees nie. 'n Tweede rede waarom dr. Schnitter 'n rustelose en ongevestigde swerwerslewe op see verkies het, vloei voort uit sy probleem, 'n "anwandelnde" bewussyn, nl. iets wat oor hom kom wat 'n ekskuus bied om nie 'n beslissing te neem nie en as 'n soort traagheid omskryf kan word; om dit te verberg is 'n netjiese masker opgesit deur sy "Bümmelei" - rondslentery of tydvermorsing.[25] Moontlik het ook dr. Schnitter se liefde vir geografie en geskiedenis as motivering vir sy "Wanderlust" gedien.

## Skeepsdokter en wêreldreisiger, 1893-1896

Voordat dr. Schnitter in Augustus 1896 hom finaal in Suid-Afrika as arts gevestig en tuisgemaak het, het hy oor 'n tydperk van drie jaar ses reise na vyf kontinente per Duitse stoomboot onderneem. Hy wou die wêreld sien, waardeur hy 'n enorme kennis van ander lande en volke, klimaat, plantegroei en boustyle opgedoen het. Die eerste reis waartydens hy as skeepsdokter[26] opgetree het, was na Japan en China, die tweede na Brazilië, die derde na Argentinië, die vierde na Noord-Amerika, die vyfde na Australië, en die sesde en laaste reis van Sydney na Johannesburg.[27] Tydens die reise het dr. Schnitter 'n "Tagebuch" aangehou waarin hy gereeld sy waarnemings en indrukke van lande, plekke en mense opgeteken het.

Oor sy reis van Hamburg na Japan en terug wat van 3 Desember 1893 tot 17 April 1894 geduur het, het hy 148 bladsye volgeskryf onder dag en datum; oor die ander reise saam slegs 20 bladsye, wat merendeel aangedoene plekke raak. Sy eerste reis waartydens hy as skeepsarts 'n uniform gedra en etes bedags saam met die kaptein, eerste offisier en eerste masjinis genuttig het, het via Gibraltar, die Rooisee, Golf van Bengale, Penang, Singapoer, Hongkong en Yokohama gegaan, waarvandaan hy Tokio per spoor besoek het; vandaar is hy na Kobe-Kiago, Kanton en daarvandaan terug oor Singapoer na Suez, Port Said, vanwaar hy terug is na Hamburg. Tot die begin van sy volgende reis het hy onvergeetlike dae in die Albrechtstrasse 17 en later in die Marienstrasse 2 in Berlyn deurgebring.[28] Of hy sy moeder en familie in Cottbus besoek het, word nie vermeld nie. By wie hy tuis was vermeld hy ook nie.

Dr. Schnitter was 'n goeie waarnemer van natuur- en seetonele en het lewendige beskrywings van seesiekte, storms en sonsop- en sonsondergangstonele, nagtelike weerlig, reën, visse, bome en veral mense gegee. Op 19 Desember 1893 het hy 'n verskriklike nagtelike storm in die Middellandse See meegemaak wat skade aan die skip aangerig het. Dit het hom die vraag laat beantwoord of hy bang was, met nee, waarom sou hy, wat het hy om te verloor? Hy skryf dat hy hom aangenamer vorms van die dood kan voorstel as

25. Tagebuch, 24-12-1893, pp. 38-39 en p. 137, 1-4-1894.
26. Tagebuch, 30-11, 3-12, 27-12-1893 (p.40) en 8-2-1896 (p.93).
27. Tagebuch, 29-6 - 5-8-1896.
28. Tagebuch, p.148.

om na inspanning deur uitputting in die water om te kom; uiteindelik is die wyse van doodgaan weinig van belang daar die gevolge tog dieselfde bly[29] - min wetende dat hy op 11 Julie 1917 op land gewelddadig in 'n treinongeluk sou sterf. Waar die skip vasgemeer het, steenkool en vrag afgelaai, of ingeneem is, het hy graag aan land gegaan, klubs besoek, veral die leeskamers, botaniese tuine, basare, geboue, tempels en mooi natuurtonele. Hy was lief vir skaak wat hy soms gewen, soms verloor het, asook biljartspel en dans. Hy het sigarette gerook en bier en goeie wyn - Mosel en Rynse wyne - gereeld geniet. Sy antropologiese opmerkings oor Arabiere, Asiate, Chinese[30] en Japanese[31] is van belang. Ons lees oor Hindoes en opium, dobbelstene onder die Chinese "koelies" en werkers. Sy beskrywing van die Oosterse stede, plante- en dierelewe is interessant - te veel om na al sy ervaringe te verwys. Hy was by uitstek 'n liefhebber van die natuur.

Dr. Schnitter se volgende twee reise was na Suid-Amerika. Op 1 Junie 1894 het hy van Hamburg op die stoomskip *Thaparica* met dertig kajuitpassasiers na Brazilië vertrek.[32] Sy beskrywing gaan dié keer oor Tenerife, Pernambuco, Bahia en Rio de Janeiro, wat op 7 Augustus bereik is. Daar het hy die botaniese tuin bekyk en na die opera Aïda van Verdi in die teater gaan luister. In Lantos het hy die kapel besoek en na Sao Paulo per trein gereis. Die reis het terug na Rio gegaan, waarna Bahia aangedoen is. Ter see was die walvisse met hulle breë stertvinne vir hom aantreklik. By Kaap St. Vincent is steenkool ingeneem en vandaar is Lissabon en Rotterdam aangedoen. Op 1 Augustus 1894 was hy terug in Hamburg. Die dokter meld nie of hy weer as skeepsarts opgetree het nie, maar vermeld die baie gevalle van seesiekte onder die passasiers.

Die derde reis, dié keer na Argentinië,[33] het spoedig gevolg, nl. met 34 passasiers. Dit het van 12 September tot 30 November 1894 geduur, toe hulle weer in Hamburg terug was. Die vaart het verby Madeira na Montevideo en Buenos Aires gegaan waar hy onderskeidelik vier en sewe dae oorgebly en die stede besigtig en natuurskoon bewonder het. Die reis het na Rosario en San Miolas gegaan, waar hy die aand van 29 Oktober weer in die teater was. Van 29 Oktober tot 3 November was hy in Buenos Aires, waar hy die Duitse hospitaal besoek, en sy indrukke van die stad neerskryf. Die terugvaart was "gemütlich". Van 5 Desember tot 13 Januarie 1895 het dr. Schnitter weer in die Marienstrasse 2 in Berlyn tuisgegaan en sy verblyf baie geniet - *temporamutentur*.

Otto Schnitter se vierde reis was na Noord-Amerika,[34] dié keer met die stoomskip *Polaria* o.l.v. kapt. Wörpel, waarop 67 passasiers was. Op 14 Januarie 1895 het die boot uit Hamburg na Boston vertrek, waarvan hy 'n kort beskrywing gee, die Duitse klub en vise-konsul besoek, waar dit "gemütlich" toegegaan het. Vandaar is hulle na New Port News, waar hy lekker bier in 'n hotel gedrink het. Te Baltimore het hy die Johns Hopkins-universiteit, die stadsaal en teater besoek en vandaar per trein na Washington gereis. Daar het hy die Capitol, Withuis, nasionale museum en vlootkollege bekyk. Die tuisvaart van Baltimore na Hamburg het van 23 Februarie tot 15 Maart 1895 geduur By sy terugkeer het "friohnose" by hom uitgebreek en het hy vier weke in die Eppendorferhospitaal gelê. Midde-April is hy terug na Berlyn waar hy weer in die Marienstrasse 2 tuisgegaan het.

Dit is bekend dat dr. Schnitter hom graag in Australië as arts wou vestig. Sy vyfde, wat hy waarskynlik as sy laaste reis beskou het, het op 25 September vanaf Bremen se

29. Tagebuch, p.28, 19-12-1893.
30. Tagebuch, pp.69-77, 17 - 20-1-1894.
31. Tagebuch, pp.102-107, 12 - 15-2-1894.
32. Tagebuch, pp. 149-155.
33. Tagebuch, pp. 155-158.
34. Tagebuch. pp. 159-161.

hawe begin en tot 15 November 1895 geduur met bestemming Melbourne.[35] Die boot het Antwerpen aangedoen waar die skoonheid van die katedraal hom getref het. Die skip is deur die Middellandse See oor Gibraltar na Genua en Napels en vandaar deur die Suezkanaal. Ook Colombo in Ceylon is aangedoen waar hy 'n Buddha-tempel en 'n tee-kiosk besoek het. Daar was sendelinge aan boord bestem vir Indië, o.a. pastoor Harms wat ook 'n verbintenis met Suid-Afrika gehad het.

Op 8 November 1895 is Adelaide in Australië bereik en daarna Melbourne, waar dr. Schnitter die parlementshuis, biblioteek, museum, botaniese tuin en universiteit besoek. Vandaar is hy per bus na Sydney. Daar het hy as arts geregistreer. Van 15 November tot 13 Desember 1895 was die dokter in Belcroft waar hy sy neef, Otto, en dr. Eichler ontmoet het.

Toe is hy na Wallsend waar hy hom blykbaar finaal wou vestig, want hy het van 13 Desember 1895 tot 27 Junie 1896, byna sewe maande lank, daar gebly. Op 1 Januarie 1896 teken dr. Schnitter in sy dagboek aan dat hy op 31-jarige leeftyd die onverkwiklike, eerder verskriklike ontdekking gedoen het, dat hy aan vallende siekte, of epilepsie ly.[36] Die eerste aanval was in Belcroft aan die einde van 1895, die tweede op Nuwejaar 1896, die derde op 6 Februarie en die vierde op 6 Mei 1896. Ook berig hy oor sy pasiënte te Wallsend. Daar het hy tot die slotsom gekom dat hy nie vir Australië bestem is nie, maar dat Johannesburg, bekend vir sy goudmyne, sy finale tuiste moet word. Wat hom daartoe beweeg het, sal 'n mens nooit met sekerheid weet nie. Sou hy wou wegvlug van sy vallende siekte, die klimaat of die Engelse taal?

## Dr. Otto Schnitter vestig hom in Paul Kruger se Transvaal, eers in Johannesburg en toe op Hexrivier

Op 27 Junie is Otto Schnitter per bus van Wallsend na Sydney, waar hy weer sy neef Otto ontmoet en 'n bierpartytjie geniet het. Op 29 Junie het hy met die stoomskip *Aberdeen*, waarop 270 passasiers was, oor Melbourne na Suid-Afrika vertrek, waar hy einde Julie in Oos-Londen land en vandaar per trein na Port Elizabeth reis.[37] Vandaar is hy na Kaapstad waar hy die eerste en tweede Augustus 1896 in die Grand Hotel vertoef. Die Kaapse sonsondergang was vir hom mooier as dié in Sydney en Tafelberg was vir hom 'n ervaring.

Hy is per trein na Johannesburg, 'n reis wat 62 uur lank geduur het. Nuut vir die dokter was Afrika se inboorlinghutte, muile, perde en veldbrande. Op 5 Augustus 1896 het hy in Johannesburg aangekom, tot 2 September in Frinia House 46 tuisgegaan en daarna tot 22 Februarie 1897 in Prichardstraat 125. Op 7 Augustus 1896 het dr. Schnitter die Duitse konsulaat in Pretoria besoek en Von Herff, die Duitse konsul, ontmoet. Ook het hy die Goewermentsgebou besoek, daar sy *Dr. Med*-sertifikaat van die Staatseksamen-kommissie vertoon, en as arts in die Zuid-Afrikaansche Republiek teen betaling van 25 pond sterling geregistreer, wat hom toegang tot die mediese professie verleen het.[38]

Dit is moontlik dat dr. Schnitter vir ses maande as arts of hulparts in Johannesburg gepraktiseer het. Hy het die Mediese Raad en dr. Reinhardt aldaar ontmoet. In Oktober 1896 het hy twee dae lank aanvalle van vallende siekte gehad. As hy gedink het dat die

---

35. Tagebuch, pp. 162-164.
36. Tagebuch, pp. 162-164.
37. Tagebuch, p. 165, reis van Sydney na Johannesburg, 29-6 - 5-8-1896.
38. Dr. Otto Schnitter se naam verskyn vir die eerste keer in die Staatsalmanak der ZAR van 1898, p. 77, waarin staan dat hy in 1896 toegelaat is op grond van sy Duitse staatseksamensertifikaat van 1892. In die almanak van 1899 verskyn sy naam op p. 90.

stad 'n risiko vir sulke aanvalle is, of dat hy op die platteland beter sou vaar, het hy hom misgis, want in Februarie en Oktober 1897 het hy ook sulke aanvalle op Hexrivier gekry.[39]

Dit is moontlik dat die Mediese Raad of dr. Reinhardt hom aangeraai het om in diens van 'n mynmaatskappy buite Johannesburg te tree. In 1897 was daar die Hex River Exploration Company Limited met 'n kapitaal van 'n 100 000 pond sterling[40] wat op die plaas Hexrivier in Suidoos-Transvaal, geleë ongeveer halfpad tussen Greylingstad en Villiers, met goudontginning besig was. Dr. Schnitter het ewewel van Johannesburg tot Greylingstad per trein gereis en vandaar na Hexrivier gegaan, waar hy hom op 23 Februarie 1896 gevestig het. Dit was die eerste keer in sy lewe dat hy vastigheid gekry het na jare se rondswerwery met los inkomste. Hy het op Hexrivier in die Heidelbergse distrik op byna 32-jarige leeftyd uiteindelik tot rus gekom.

Hexrivier, 'n ou burgerregplaas, is soos Roodepoort, Rooiwal, Rietfontein en Daspoort, geleë op die dagsoom van die suid- en suidoostelike Randse goudkom, vanaf 1893 Suid-Heidelbergse goudveld en vanaf 1904 die Suid-Randse goudveld genoem. Goud is in 1887 op die plaas Roodepoort 165 en Hexrivier ontdek en amptelik as nuwe goudvelde in Maart en September 1887 geproklameer. P.G. Greyling, die eienaar van Roodepoort en lid van die Volksraad vir Heidelberg, het in die verwagting dat 'n nuwe goudstad daar sou verrys, 'n dorp, Greylingstad, uitgelê wat as gevolg van 'n gebroke, onbetalende goudrif gou tot 'n spookdorp geword het. Die naam Greylingstad sou egter in die spoorwegstasie aan die Johannesburg-Durbanspoorweg verewig word.[41]

Aanvanklik is die goudveld van Hexrivier tot 1889 deur die Nooitgedachtmaatskappy geprospekteer. Die Hex River Exploration Company vir wie dr. Schnitter gewerk het, is in Augustus 1895 opgerig, en was goed aan die gang met die blootlegging van die goudrif en die sink van mynskagte, toe dr. Schnitter in Februarie 1897 daar opgedaag het. Feitlik oornag het 'n delwersdorp daar opgespring; ook dáár is geglo dat 'n gouddorp soos 'n paddastoel sou verrys. 'n Huis vir die mynkaptein, 'n kampong en talle wonings is opgerig wat van die plaas Hexrivier 'n miernes van bedrywigheid gemaak het. Die myn is gedurende die Anglo-Boereoorlog gesluit en eers ná 1902 sou daar goud geproduseer word, veral gedurende 1911-1913, totdat dit teen 1914 gestaak is. Miskien het die sluiting van die Hexriviermyn iets te doen gehad met dr. Schnitter se verskuiwing in 1914 na sy plaas Rusfontein.

In watter soort wêreld sou dr. Schnitter hom te Hexrivier bevind? In 'n plattelandse rantjieswereld met die kiepersol, bloubos, gwarriebos, witstinkhout en wildeperske wat groot bekoring vir hom gehad het. Na die suide is daar 'n vergesig oor die Vrystaatse grasvlaktes, 'n soort landskap wat 'n mens in Duitsland nie te sien kry nie. Die mense van die omgewing was eenvoudige boeremense, terwyl die klein myngemeenskap kosmopolities wit was met talle swart werkers - vir Schnitter 'n vreemde wêreld wat hy moes leer ken.

Tot 1870 was daar eintlik net vier dokters met mediese grade in die ZAR. Ná die ontdekking van goud het heelwat Britse dokters na die Rand gekom, aangevul deur 'n paar Duitsers en Afrikaners, waarvan ten minste 22 gekwalifiseerdes met universiteitsgrade was.[42] Teen 1897 was daar 223 geneeskundiges in die ZAR waarvan weinig universitêre

---

39. Tagebuch, p. 167.
40. *Staatsalmanak ZAR, 1897*, p. 165.
41. Gerhard Louw, *Van die ou na die nuwe Greylingstad, 1887-1910*, Silverton, 1991, pp. 29, 31 en 56-57.
42. Edmund Burrows, *A history of medicine in South Africa*, Cape Town, 1958, pp. 239 en 270. Vgl. ook P.W Laidler & M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652-1898*, Cape Town, 1971.

opleiding in die mediese professie gehad het, en waarvan 27 goewermentsdokters was,[43] o.a. dr. James O'Reilly in Heidelberg en dr. Simmons van Standerton - dr. Schnitter se naaste kollegas.

**Mediese praktisyn op Hexrivier en sy Anglo-Boereoorlogervaringe, 1897-1902**

Dit is moeilik om die lewe en werk van Otto Schnitter ná sy vestiging te Hexrivier te rekonstrueer. Die rede is dat hy nie meer 'n dagboek aangehou het waarin sy mediese waarnemings of ervaring van sy omgewing en die Boere opgeteken is nie, óf, as dit bestaan het, moes dit na sy dood verlore gegaan het, veral na sy weduwee se tweede huwelik. Geen briewe van hom aan sy familie en vriende in Duitsland het bewaar gebly nie - die Eerste Wêreldoorlog was 'n verwoestende faktor - slegs enkele briewe vanaf 1910 tot 1917 van sy oom, Richard Kiess en sy broer, Curt, is in die besit van sy kleindogter, mev. Elsa Andrag, waaruit afgelei kan word dat dr. Schnitter 'n ywerige briefskrywer was vanaf die dood van sy moeder in 1910. Dit is onseker of hy sedert sy vestiging in Suid-Afrika alle bande met sy familie in Duitsland verbreek het, wat onwaarskynlik lyk. Hy het sy moederland egter nooit weer besoek nie.

Na sewentien jaar se mediese diens te Hexrivier, het dr. Schnitter op 26 Augustus 1914 geskryf:

> As to my doings, the same as I did these seventeen years: attending to those in distress either at my residence or in their homes.[44]

Dit getuig van 'n geroetineerde lewe, elke dag se handelinge was soos dié van die vorige dag, en sou dit ook die volgende dag so wees: mense ondersoek tuis of in hulle huise en medisyne toedien met die oog op genesing. Waar hy aanvanklik mynmense medies versorg het, het sy naam na die boeremense van die omgewing van Hexrivier uitgekring wat ook van sy dienste gebruik gemaak het.

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899, toe die mynbedrywighede te Hexrivier tot 'n stilstand gekom het, was hy van die boeregemeenskap afhanklik. Die regering het hom as goewermentsdokter aangestel, 'n betrekking wat hy aanvaar het, maar tot op 'n punt. Op 20 April 1900 het dr. Schnitter met 'n briefhoof van die Hex River Exploration Company aan een van sy pasiënte, mev. Schoonraad, geskryf om die volgende dag aan mnr. M'Hattie te vra

> om een andere Governmentsdoctor te laaten komen. Ik zelf will eerst wachten, tot het Government mijne oude reekeningen betaald. Geef uwe dochter - tot U van de andere doktor medicijne ontvangt - van mijne medecijne alle 2 uur een eetlepel vol schoon.[45]

Die landdros van Heidelberg het die Kommandant-Generaal te Pretoria oor Schnitter se besluit ingelig, waarop 'n amptenaar op 16 Junie 1900 gevra het welke rekeninge en van watter datum? 'n Nota onderaan die brief het vermeld dat die bedoelde rekeninge versend

---

43. *Staatsalmanak ZAR*, 1897, pp.71-77 en 339.
44. TAB, CES 1 verwysing ES 70/703/14.
45. TAB, KG 1900, nr. 429, CR 5035/00.

is na die Mediese kommissaris van die Heidelbergse landdros.[46] Of dit betaal is, weet ons nie, ook nie of dr. Schnitter as goewermentsdokter aangebly het nie, wat moonlik is omdat hy die Boere op kommando bly bedien het.

Wat ons wel weet is dat die oorlogstoneel van Natal na die Vrystaat en Transvaal verskuif het: Op 5 Junie 1900 is Pretoria ingeneem, waarna die slag van Donkerhoek op 11 en 12 Junie en die laaste stellingoorlog te Dalmanutha (Berg-en-Dal) op 27 Augustus 1900 plaasgevind het. Daarna het die guerilla-oorlog 'n aanvang geneem, wat die oorlogsvure nader aan dr. Schnitter op Hexrivier laat brand het. Die Heidelbergse kommando wat aanvanklik o.l.v. kmdt. J.D. Weilbach aan die Natalse front geveg het, het na die Hoëveld teruggekeer en eers onder genl. C.J. Spruyt wat gesneuwel het, en toe onder genl. H.A. Alberts geopereer. Kmdt. S.B. Buys het die Heidelbergse afdeling, Roodekoppen, aangevoer. Verskeie skermutselinge tussen die Britte en die Boere het plaasgevind na die besetting van Standerton op 22 Junie, Heidelberg op 23 Junie, Greylingstad op 5 Julie 1900[47] en Grootvlei daarna.

Hexrivier was taamlik beskut in die rante noord van die Vaalrivier, en daar het die Roodekoppenkommando 'n klein hospitaaltjie gehad waarin gewonde Boere verpleeg is. Dr. Schnitter, 'n "Duitser" het, volgens Jack van den Heever wat onder kmdt. Buys geveg het, aan die hoof daarvan gestaan.[48] Dr. Schnitter was bewus van die feit dat dit kmdt. Buys se taktiek was om dikwels die spoorlyn noord en suid van Greylingstad op te blaas, om daardeur die Britse verbindinge te vertraag, en om kos- en ander voorrade vir sy kommando te bekom. Jack van den Heever het bevriend geraak met 'n Duitser, luit. Hornig, wat as avonturier uit die Duitse leer gekom het om die Boere te help, en hy het saam met hulle geveg.

Hy en die luitenant het dr. Schnitter verskeie kere besoek. Van den Heever vertel dat die twee Duitsers - amptelik was die dokter op die reserwe van die Duitse leer - dit nie eens kon word oor die wyse waarop die Boere oorlog voer nie, nl. om treine deur dinamiet te ontspoor, wat hy as "barbaars" bestempel het. Hornig was van mening dat dit nie genoeg gedoen kan word nie, omdat dit by die vyand vrees en ontsag inboesem. Die twee het hulle standpunte so warm verdedig dat dit feitlik op 'n rusie uitgeloop het. Toe die Britte egter hulle dryfjagte met 'n verskroeide aarde-beleid opvolg, boerehuise met dinamiet verwoes en alle voorrade vernietig en diere gedood het, het dr. Schnitter van mening verander en die vrede is tussen hom en Hornig herstel. Van den Heever beskryf dr. Schnitter as "'n uiters humane persoonlikheid".[49]

Ian Uys vertel dat vroeg in 1901 vk. Hendrik Kamffer gewond is. Hy is toe na 'n plaas naby Hexrivier geneem en dr. Schnitter is laat haal, wat sy wond behandel en met hegpleister verbind het. Kamffer is toe self na Hexrivier waar hy agt dae lank gebly het. Die dokter het sy wond wat gesweer het, verder behandel, en sy lewe daardeur gered. Kamffer het beweer dat 'n Britse afdeling twee weke later by Hexrivier aangekom, en die dokter aangehou het.[50] Hy is as Duitse burger waarskynlik weer losgelaat, want tot in November 1901 het hy nog van die Boere se wonde verpleeg.

Toe kmdt. Buys 'n trein naby Balfour deur Jack van den Heever laat opblaas, en die burgers hulle aan die goedere gehelp het, het die kommandant dit verbied, want hy wou dat dit liewer per veiling verkoop word sodat geld voortgebring kan word om dr. Schnitter

---

46. TAB, KG 1900, nr. 429, CR 5035/00.
47. Ian Uys, *Heidelbergers of the Boer War*, Cape Town, 1981, p. 51.
48. J.G. van den Heever, *Op kommando onder kmdt. Buys*, Kaapstad, 1944, p. 55.
49. J.G. van den Heever, *Op kommando onder kmdt. Buys*, Kaapstad, 1944, p. 68.
50. Ian Uys, *Heidelbergers of the Boer War*, 1981, p. 156.

vir sy dienste mee te betaal, wat onder hulle omstandighede slegs af en toe kon geskied.[51] Genl. Spruyt het egter tussenbeide getree en die burgers hulle sin gegee.[52] Gedurende die oorlog is burger Willie van Zyl in die omgewing van Hexrivier deur die Britte gewond. 'n Paar plaasvrouens het hom na dr. Schnitter geneem wat sy wond verbind het, waarna hy weer saam met hulle terug is. Die volgende dag het die Britte by die dokter opgedaag op soek na die gewonde burger waarop dr. Schnitter sou ontken het dat so 'n persoon by hom was.[53]

Op 20 November 1901 was die Roodekoppenkommando van kmdt. Buys by Bothaskraal naby Zanddrift (ook Hoë Krale genoem), sowat 17 km noordwes van Villiers, in 'n bloedige geveg met die Britte onder maj. John Fisher betrokke, wat op 'n skitterende oorwinning vir die Boere uitgeloop het. Vk. Andries Greyling van die plaas Rooiwal (nie te ver van Hexrivier nie) het, toe die majoor geweier het om hom oor te gee, sy geweer weggestamp en so sy eie lewe gered, en met die kolf van sy eie geweer die majoor se skedel verbrysel, wat die dood laat intree het. Die Boere het 126 prisoniers geneem. Dit was 'n groot oorwinning, maar kort van duur en teen 'n prys. Kmdt. Buys se knie en been is deur 'n opslagkoeël verbrysel en Ockert Brits en Frans Labuschagne het aan hulle wonde beswyk. 'n Paar burgers het kmdt. Buys op 'n kar gelaai om hom na hulle hospitaaltjie op Hexrivier te neem sodat dr. Schnitter hom kon verpleeg, maar die rit was te langsaam. 'n Afdeling Britse troepe onder kol. Rimington het baie vinnig vanuit die Vrystaat gejaag, die kar ingehaal en kmdt. Buys gevange geneem, sy been afgesit en hom as krygsgevangene die land uitgestuur.

Jack van den Heever, wat ook gewond is, het te perd onder beskerming van sy twee broers na die hospitaal op Hexrivier gery waar dr. Schnitter hom verpleeg het. Hy praat met groot waardering van die dokter, noem hom "onvergeetlik", en verwys hoe hy na die oorlog sy "nuttige lewe" op "uiters treurige manier" verloor het.[54] Terwyl hy in die hospitaal was, het Van den Heever se twee broers hom kom besoek, maar 'n afdeling Britse troepe het met trollies by die hospitaal opgedaag "en al wat leef daar weggeneem na hul kamp toe, ongeveer twee myl van die hospitaal af". Wat van dr. Schnitter geword het, word nie vermeld nie. Of hy weer gearresteer, geïnterneer,[55] of as Duitse burger daar in vrede gelaat is, weet ons nie. Ons weet wel dat hy ná die Vrede van Vereeniging sy werk as arts op Hexrivier voortgesit het. Hy was toe wyd bekend by die boere van die omgewing, gerespekteer en gewaardeer. Hulle sou ná die oorlog sy pasiënte word.

**Hexrivier 1902-191: Dr. Schnitter se hervestiging en huwelik met 'n Afrikaanse meisie**

Na die oorlog het die regering van Brits-Transvaal "The Medical, Dental and Pharmacy Ordinance nr. 29" uitgevaardig wat die mediese wette van Paul Kruger se Republiek herroep,[56] en opnuut voorsiening gemaak het vir die registrasie van mediese praktisyns,

51. Ian Uys, *Heidelbergers of the Boer War*, 1981, p. 75.
52. J.G. van den Heever, *Op kommando onder kmdt. Buys*, 1944, p. 55.
53. Mededeling deur tradisie van mnr. Ludwig Ankiewicz.
54. Jack van den Heever, *Op kommando onder kmdt. Buys*, 1944, pp. 121-122. Kyk ook J.D. Kilian, *Laat ons veg*, Johannesburg, 1975, pp. 78-80.
55. Ek het die Standerton-, Heidelberg- en Merebank se stukke deurgesoek, maar geen spoor van dr. Schnitter daarin gekry nie. Die Britte het vreemdelinge gewoonlik in die Merebankkamp te Durban aangehou, o.a. dr. James O'Reilly, 'n Ier. Die tydperk November 1901 - 31 Mei 1902 bly as 'n gaping in die rekonstruksie van sy lewe op Hexrivier.
56. Hierdie wette was volgens Volksraadbesluite van 22-5-1875 art. 114 (EVR 17, 187-76, p. 169), Wet 12 van 1886, VRB 11-7-1894, art. 7 en EVR-notule 22-7-1895, art. 695 (EVR 79).

waarvolgens hulle skriftelik by die nuwe "Transvaal Medical Council" in Johannesburg moes aansoek doen met voorlegging van diplomas of sertifikate en die betaling van 10 pond sterling. In 1903 het dr. Schnitter se naam reeds in die *Donaldson & Hill's Transvaal and Rhodesia Directory* verskyn[57] en is dit in 1904 opgeneem in die *South African Medical Directory*.[58] Hy sou dus in 'n nuwe, Brits-Suid-Afrika, met sy werk as 'n "Duitse" dokter voortgaan, want hy het nooit óf Transvaalse óf Suid-Afrikaanse burgerskap aanvaar nie, dus tot die bittereinde 'n Duitse onderdaan gebly.

Dr. Schnitter het sy mediese praktyk ná die Vrede van Vereeniging op Hexrivier voortgesit. Hy het al meer van die boeregemeenskap afhanklik geword, wat sy dienste benodig het. Uit tradisie weet ons dat hy my moeder wat in 1902 'n dogtertjie van 13 was, se lewe gered het nadat sy maagkoors opgedoen het. 'n Tipiese voorbeeld van die afhanklikheid van 'n boeregemeenskap van 'n dokter, was op 30 Desember 1902 toe my ouma, Fredrika Martha Johanna van Jaarsveld van Bakjesfontein, Greylingstad, op 42-jarige leeftyd met die geboorte van haar laaste kind, Willem Johannes Albertus, bedkoors opgedoen het. My vader, Ernst Jacobus van Jaarsveld wat toe halfpad na 13 was, en 'n seun wat by hulle gebly het, Hans Landman, moes in 'n maanlose nag vier muile gaan vang en voor die muilwa span om dr. Schnitter op Hexrivier, sowat 20 km van hulle plaas af, te gaan haal. Hulle het hom gebring en moes die dokter weer in dieselfde nag terugneem. Hy kon egter niks vir haar doen nie - dit was reeds te laat - en sy is oorlede.[59]

Bekende boere in die dokter se omgewing ná 1902 wat van sy dienste gebruik gemaak het, was o.a. N. Basson van De Pan, E.J. van Jaarsveld van Bakjesfontein, Andries Beytel, Petrus Buys en Andries Greyling van Rooiwal, Willem en Frederik Bezuidenhout van Kafferspruit, E. Engelbrecht van Rietfontein, Willem Goosen van Hexrivier, P.J. Greyling en S.J.J. Tromp van Herbstfontein en Ignaz Schutte van Hartbeesfontein, Johannes en Petrus Strydom van Strydfontein, Fanie Buys van Leeuwspruit, die Casons van Van Collerskop en Rietvlei, en die Wolmaranse van Volstruisfontein.[60]

Dr. Schnitter se pasiënte sou egter nie net uit boere bestaan nie. Na die oorlog het die Hex River Exploration Company sy werksaamhede op Hexrivier hervat en tot 1912 klein hoeveelhede goud geproduseer - egter nie betalend nie, sodat die myn teen die Eerste Wêreldoorlog weer gesluit het. Die waardering wat hy van die myngemeenskap ontvang het, blyk uit 'n gravure op 'n silwer staander met kristalglas drankflesse, wat hy in 1905 as geskenk ontvang het, nl. "To Dr and Mrs Otto Schnitter on the occasion of their marriage from the Mine Captain and Staff, Hex River Mine".[61]

In 1905 was die dokter nog 'n verbete oujongkerel, reeds byna 41 jaar oud. Hy het egter verlief geraak op mej. Susanna Jacoba Margaretha Loots, 'n oujongnooi van dertig jaar, gebore in 1875, die derde dogter van Zacharias Martinus Loots en sy vrou, Susanna Jacoba Margaretha Loots, gebore Grové. Hulle was afkomstig van Victoria-Wes in die Kaapkolonie maar het na Transvaal verhuis, wanneer weet ons nie.[62] Of sy vir die dokter as ontvangsdame gewerk het, of hoe hy haar ontmoet het, weet ons ook nie. Wat ons wel

57. Johannesburg, 1903, p. 1451.
58. Cape Town, 1904, p. 93.
59. F.A. van Jaarsveld, *Van stamvader Adriaan tot Ernst Jacobus van Jaarsveld, 1702-1986*, Pretoria, 1987, p. 77.
60. *Donaldson & Hill's Transvaal and Rhodesia Directory 1903*, p. 1449 waar 'n lys van boere in die omgewing van Greylingstad en Hexrivier verskyn.
61. Brief van mev. Elsa Andrag (Schnehagesingel 81, Fichardtpark, Bloemfontein) aan skrywer, 19-8-1994, p. 2.
62. OVS-Argiefbewaarplek, boedel 226/43.

weet is dat sy uit 'n arm gesin gekom het.[63] Haar vader, Z.M. Loots, is op 31 Augustus 1910 te Krugersdorp aan stuiptrekkings oorlede. Sannie Loots was besonder mooi en aantreklik soos uit 'n foto blyk. Deur haar tot vrou te kies, het dr. Schnitter hom volkome met plattelandse Afrikanermense vereenselwig en een van hulle geword, wat self ook geboer en op 'n eie plaas gaan woon het. Die huwelik is op 17 Junie 1905 in Heidelberg voltrek.[64] Of die huis waarin hulle op Hexrivier gewoon het, en waarin hulle twee kinders gebore is nog bestaan, kon nie vasgestel word nie. Na vier jaar is 'n seun op 25 April 1909 vir hulle gebore wat die dokter na sy vader, Otto, vernoem het, nl. Otto Schalk Schnitter en 'n tweede seun, Curt Richard vernoem na die dokter se broer en oom, is op 25 April 1912 gebore - "klein Afrikanertjies" soos sy broer Curt hulle in 'n brief van 12 Julie 1912 genoem het. Die twee seuns het op dieselfde dag verjaar. Op 'n foto verskyn hulle as knapies, waarop die familie in Duitsland baie trots was en aandenkings gestuur het.

Die geskiedenis swyg oor dr. Schnitter se daaglikse taak as medikus van 1902 tot 1914. Dat hy hard gewerk en heelwat verdien het, weet ons uit eiendomme wat hy aangekoop het, en 'n duursame huis wat hy op sy plaas Rusfontein in 1913-14 laat bou het, waar hy sowel sou praktiseer as boer. In 1904 het hy twee erwe in Villiers gekoop en in 1907 nog twee aldaar, asook 'n erf in Balfour. Op 3 Julie 1909 is die gedeelte van Rietvlei 190, Rusfontein genoem, in sy naam geregistreer. Die plaas is in 1917 vir £680 gewaardeer en die huis vir £1 200, wat groot bedrae geld vir daardie tyd was.

## Kontak met die Schnitterfamilie in Duitsland

Dr. Schnitter het geld nodig gehad vir die bou van 'n huis op Rusfontein, wat hy in 1909 gekoop het. Sy ma, Emma, is in 1910 oorlede, byna twintig jaar na haar man se dood. Sy het 'n boedel van 572 605,35 Duitse mark nagelaat, wat in gelyke dele onder die vier kinders verdeel is. Sy swaer, Carl Thiem was eksekuteur. Sy broer Curt het na die ma se dood - sy het 'n pragtige begrafnis gehad - aan dr. Schnitter oor die nalatenskap geskryf. Ma Emma se huis was "volgeprop" met allerlei luukse dinge: van pelse (deur die motte gevreet) tot matte en goue en silwerware, oorbelle, kettinkies en borsspelde. Hy het 'n lang lys van haar besittinge ingesluit[65] wat in vier dele onder die kinders versprei sou word. Dr. Schnitter het volgens tradisie o.a. 'n pragtige en duur mat gekry. Sy deel van die erfenis sou sowat 120 000 mark wees, wat in Suid-Afrikaanse geld met ongeveer £6 000 vergelyk kan word.

Blykbaar was die erfenis in die vorm van eiendomslenings- en ander effekte (hypotheken). Soos gesê het dr. Schnitter se broer, Curt, in 1905 'n wynhandelsaak van sy oom Richard Kiess oorgeneem met 'n omset van sowat 500 000 mark per jaar. Curt het dit tot 'n familiesaak gemaak waardeur dit in 1913 'n omset van 'n miljoen mark per jaar gehad het. Dit is duidelik dat ook dr. Schnitter geld daarin belê het, want in 1913 skryf hy dat sy broer in Suid-Afrika 'n groot opoffering gemaak het, waarvoor hy hom dankbaar is en steeds dankbaar sal bly.[66] Op 12 Julie 1912 het broer Curt 1153,61 mark aan rente aan

63. TAB, Boedel 32229 - O.G. Schnitter. Uit 'n inventaris van skuldenaars blyk dat die dokter sy skoonvader vyf keer behandel het van 1906 tot 1908 ter waarde van £101-10. Agter sy naam, Z.M. Loots, staan "deceased father in law, has nothing". Hy het derhalwe geen boedel nagelaat nie. Sy sterfkennis is 1545/1910, Krugersdorp.

64. Gesertifiseerde uittreksel uit die huweliksregister, gedateer 1993-01-01 deur die Departement Binnelandse Sake.

65. Curt - Otto Schnitter, Cottbus, 9-10-1910.

66. Curt - Otto Schnitter, Cottbus, 8-7-1913.

hom oorbetaal, en hom bedank dat sy jongste seuntjie sy naam mog dra.[67] Trouens dr. Schnitter het vir die behartiging van sy sakebelange in Duitsland, sy oom Richard Kiess en sy broer Curt volmag gegee om namens hom op te tree.

Toe dr. Schnitter geld nodig gehad het vir die bou van sy huis in 1913, het hy 29 000 mark aangevra, wat met moeite losgekry is, en deur sy oom Richard Kiess deur middel van die Vereinsbank op 29 Oktober 1913 en op 3 April 1914 aan hom gestuur is.[68] Dr. Schnitter het dus minder as een-derde van sy erfenis aan mark voor die oorlog gekry, in pond 'n bedrag van sowat 1 500 wat vir hom veel beteken het. Ongeveer 80 000 mark sou deur die Eerste Wêreldoorlog in Duitsland agterbly.

Uit die korrespondensie met Otto Schnitter kom twee verdere dinge uit. Eerstens familieverhoudinge in Duitsland en tweedens bekommernis oor sy verslegtende gesondheidstoestand. Wat die eerste betref: Daar was probleme met sy oom Richard Kiess wat deur die tante op 'n wyse behandel is wat dit vir hom moeilik gemaak het. Sy het blykbaar gesorg dat dr. Schnitter en sy broer Alfred elk 6 000 mark, 'n erfenis van 'n ryk tante, misgeloop het, terwyl net sy suster Alice en broer Curt bevoordeel is.[69] Sy tante Kiess was op uiters slegte voet met dr. Schnitter se ma, Emma, so erg dat sy nie eers haar luisterryke begrafnis bygewoon het nie, dit volkome "geïgnoreer" het, terwyl haar man, Richard, slegs by die teraardebestelling was en nie in die kerk nie. Curt was van oordeel dat tante Kiess 'n kwaadsteker was wat vir baie probleme in die familie verantwoordelik was, ook wat Alfred betref. Hy skryf dat hulle oom, Richard, te weinig man was om heer van sy huis te wees.[70]

Dit is derhalwe verstaanbaar dat oom Richard kontak met sowel Carl Thiem en Curt Schnitter nagenoeg tot nul gereduseer het.[71] Tog het sy oom Richard gereeld aan dr. Schnitter geskryf en hom op hoogte met familiesake gehou. In 1917 was hy 80 jaar oud, en die ooms en tantes diep in die sewentig. Hy het dus uit 'n familie van oumense gestam. Die oom het soms drukwerk aan die dokter gestuur, en hom om 'n gesinsfoto gevra, wat hy in 1916 ontvang het.[72] Hoewel die Eerste Wereldoorlog geheers het, het Richard Kiess en Otto Schnitter wedersyds tog nog deur briefwisseling met mekaar in verbinding gebly. Die laaste brief van sy oom Richard waarin hy bedank dat Otto hom met sy 80ste verjaardag geluk gewens het, is gedateer 8 Mei 1917, twee maande voor dr. Schnitter se dood. Uit die briewe van Richard Kiess en Curt, blyk verlange na die ou dae toe hulle nog almal in Duitsland saam was. "Wo sind die Zeiten geblieben" wou Curt weet, en "was haben wir seitdem durchlebt!",[73] terwyl sy oom Richard hom herinner het aan "alter Tage" en "Schone Zeiten" wat iets van die verlede geword het.[74]

Sonder die briewe uit Duitsland sou ons waarskynlik nie geweet het van die verslegtende gesondheidstoestand van dr. Schnitter nie. Sy vallende siekte het progressief toegeneem, waaroor hy sy familie in Duitsland ingelig het. Reeds op 14 Januarie 1911 het sy suster, Alice, onrus oor sy epileptiese aanvalle ("hysterische") uitgespreek en sy aandag op 'n nuwe middel daarteen gevestig,[75] terwyl sy oom Richard hom op 28 November

67. Curt - Otto Schnitter, Cottbus, 12-7-1912.
68. Briewe van Richard Kiess aan Otto Schnitter, 28-11-1912, 14-7-1913, 29-10-1913, 9-11-1913 en 3-4-1914. Ook in 'n brief van Curt aan Otto, 8-7-1913.
69. Richard Kiess - Otto Schnitter, Cottbus, 24-10-1916.
70. Curt - Otto Schnitter, Cottbus, 8-7-1913.
71. Richard Kiess - Otto Schnitter. Cottbus, 2-9-1912; R. Kiess - Otto, Cottbus, 14-7-1913.
72. Richard Kiess - Otto Schnitter, 9-11-1913 en 7-6-1916.
73. Curt - Ono Schnitter, Cottbus, 8-7- 1913.
74. Richard Kiess - Otto Schnitter, Cottbus, 24-10-1916.
75. Alice Thiem - Otto Schnitter, Cottbus, 14-1-1911.

1912 boekies oor vallende siekte gestuur het. Sy broer Curt wou weet hoe hy aan dié aaklige siekte gekom het.[76] Uit dr. Schnitter se brief van 8 Augustus 1913 het sy oom Richard afgelei dat hy sy mediese praktyk as gevolg van die siekte wou opgee met die doel om 'n onafhanklike lewe uit die boerdery te maak, waarteen sy oom gewaarsku het om nie sy beroep in die beste jare van sy lewe op te gee nie.[77]

Sy oom wou ook weet of daar dan nie 'n middel is wat kan help nie, moontlik 'n klimaatsverandering?[78] Ons weet dat dr. Schnitter Warmbad op 8 Mei 1913 besoek het, en vandaar aan sy oom geskryf het.[79] Op die duur het hy aan 'n ou studievriend, dr. H. von Reiche in Hamburg geskryf wat aan hom medisyne gestuur het.[80] Of dit effektief was, weet ons nie, moontlik, want in sy briewe uit 1916-17 het die dokter niks meer oor sy gesondheid gesê nie. 'n Mens vra jou af of die dokter se siekte aanleiding gegee het tot die koop van Rusfontein in 1909, met die doel om 'n lewe uit boerdery te maak, sou dinge te ver gaan met die epileptiese aanvalle. Daarom ook dat hy 'n chaffeur gekry het om sy motor te bestuur in die bereiking van sy pasiënte, of om sake te doen. Maar met tragiese gevolg.

## Dr. Schnitter se lewe op Rusfontein, 1 Julie 1914 - 11 Julie 1917: boer en boeredokter

Nadat hy sewentien jaar lank op Hexrivier gewoon, waar hy sy gesin onderhou het, het dr. Schnitter besluit om na sy plaas te trek, egter met behoud van sy plattelandse pasiënte. Hy sou los wees van 'n myngemeenskap en tussen die boere woon, onder wie hy ingetrou en hulle in die oorlogsjare en daarna medies bedien het. Hy het die einde van Mei 1914 vaarwel aan Hexrivier gesê, en op 1 Junie sy huis op Rusfontein betrek, waaroor in die eerste afdeling gehandel is. Vir sy vrou was dit 'n paradys. Sy bure was almal boere en hy kon van die ongerepte natuurskoon tussen die Hoëveldse rantjies geniet.

Dr. Schnitter het die plantegroei waardeer. Onderkant sy huis was 'n vrugteboord met allerlei soorte appel- en peerbome, ook perske en appelkoos.

Daar het hy nie net as geneesheer vir boere opgetree nie, maar ook self geboer, eers met volstruise, toe vere baie in tel was, maar later met perde en beeste. Die landjies langs die spruit is met 'n leivoor benat, waardeur hy in sy plaaslike behoeftes aan groente en gesaaides voorsien is. Hy het ses osse op die plaas gehad en sestig beeste in die Vrystaat ter waarde £90-10-0. Ook was daar ses koeie met kalwers, 'n bul en 'n vers. Behalwe twee karperde was daar sewe ander perde en twee karre en 'n wa, ploeë, planters, 'n hark, 'n skottelploeg en eg.[81]

Die dokter se huis was goed gemeubileer met 'n duursame sit- en eetkamerstel, hangkaste en beddens, 'n portaalspieël, 'n klavier, twee skilderye, studeertafel, operasietafel, portaalmeubliment, stoepmeubels, mediese instrumente, boeke, medisyne, kombuis- en spensgeriewe - te veel om op te noem,[82] insluitende 'n duursame mat uit Duitsland. Hy het alle moontlike geriewe aan sy gesin verstrek en 'n hoë lewenstandaard gehandhaaf. Sy vrou was bekend vir die bediening van lekker kos. Hy was ook lief vir foto's waarvan daar baie in sy huis gehang het, veral van die familie in Duitsland.

Mense op Greylingstad waarmee hy teen 1917 te doen gehad het - ook pasiënte - was

---

76. Curt - Otto Schnitter, Cottbus, 8-7-1913.
77. Richard Kiess - Otto Schnitter, Cottbus, 29-10-1913.
78. Richard Kiess - Otto Schnitter, 9-11-1913.
79. Richard Kiess - Otto Schnitter, 14-7-1913.
80. H. von Reiche - Otto Schnitter, Hamburg, 2-4-1914.
81. Soos uiteengesit in die boedel van dr. Schnitter, TAB, nr. 32229, 1917-18.
82. Soos uiteengesit in die boedel van dr. Schnitter, TAB, nr. 32229, 1917-18.

o.a. die stasiemeester, A.E.H. Knapp, die posmeester, W.F. Ogilvie en H.F. Teengs, 'n prokureur en notaris. Die polisiehoof was 'n mnr. McCloud. Die gesondheidskomitee het bestaan uit H.F. Teengs, L.J. Alberts en W. R. Levin, 'n winkelier. Verder was daar die Bark-broers, smede en wamakers en I.S.J. Greeff, A. von Backstrom en J. Melman wat winkeliers was.[83] Boere uit sy omgewing, bure en ander verder weg, waarvan talle ook sy pasiënte was, was o.a. E. Peters van Herbstfontein, 'n Duitser, met wie hy goed bevriend was, L.J. Alberts, A.A. Allison van Grootvlei, E.J. van Jaarsveld van Rooiwal 295, J.P. Buys, A.l. Greyling en J. Geldenhuys van dieselfde plaas, J.P. Engelbrecht van Doornhoek, J.J. Brits en G.J. Steyn van Silverbank, die Bezuidenhouts, die Goosens van Hexrivier en Vlakfontein, C. Hall van Rietfontein 291, A.J. en J.J. Kruger van Strydfontein en Rietvlei 190, D.J., J.H., L.J. en J.P. Labuschagne van Vlakfontein, Rietfontein, Witpoort en Strydfontein, G.H. Rautenbach van Wolwefontein, C.J. Smit van Witpoort, I.C. Schutte van Hartebeestfontein, C.P. en J.A. Strydom van Rietfontein en Rietvlei 190. Verder was daar J.P. Tromp, S.F.E. Ungerer en A.J. van Jaarsveld van Cyferfontein - te veel om op te noem.[84]

Dr. Otto Schnitter het talle pasiënte daagliks in sy spreekkamer ontvang. Hulle het te perd en per perde- en donkiekar van alle kante na hom vir behandeling gekom,[85] van tandetrek tot operasies en medisinale behandeling. Soms het mense hom per kar kom haal na pasiënte wat ernstig siek was. Aan die begin het hy pasiënte ook per kar en perde besoek. Op die duur het hy 'n motor gekoop waarmee hy sy pasiënte vinniger kon bereik.

Dit is moontlik vanweë sy epileptiese aanvalle dat hy 'n chaffeur, ene Kotze, gekry het om hom na sy pasiënte te neem. Dit het hom ook in staat gestel om operasies in die Heidelbergse hospitaal uit te voer. Na sy dood het sy portret in die wagkamer van die siekehuis gehang. Hy het 'n goeie humorsin gehad. Hy het bv. as 'n pasiënt duidelik hipekonders gehad het, 'n onskadelike mengsel aangemaak, en hom of haar dan gemaan om dit baie getrou te drink - gewoonlik met goeie gevolg.[86]

Daar bestaan ellelange lyste van sy pasiënte tot 1917, die jaar van sy dood. Hy het wel boek gehou, maar nie altyd noukeurig nie. Talle boere-pasiënte het op krediet behandeling ontvang, en kon betaal "na die oes". Daar was ook slegte skulde van mense wat nie kon betaal nie. Hy was humaan en het hulle nie gedruk met 'n prokureur nie. So het baie van sy dienste onbetaald gebly.

In sy boedel verskyn die name van diegene wat geld geskuld het by sy dood.[87] Daaronder - "promissory notes" - het 87 pasiënte getel. Onder die "promissory notes recovered" was daar 72 name en onder "open accounts recovered", 82. Daar was ook talle pasiente van wie, weens armoede, niks verhaal kon word nie.[88] Dit is nie moontlik om die name van die pasiënte te verstrek nie, die groot meerderheid was Afrikaners en 'n klein minderheid Engelse, meestal van die dorpe. Interessant egter is die groot aantal swart pasiënte wat na hom toe gekom het, of vir wie hy gaan behandel het. Hy het hulle gewoonlik maar 'n nominale fooi vir sy dienste gevra. Hulle is slegs op hulle voorname gelys, o.a. Paul, Jan, Soldaat, Johannes, Piet, Makoenie, Augus, Hendrik, Hermanus, Zwartland, Kaats, Booi, Langman, Josiah, Samuel, Windvogel en Elia. Altesaam was die uitstaande skuld in 1917 deur alle pasiente - wit en swart - £3 048-19-9, waarvan £1 325-1-3 nie verhaalbaar was nie, wat toon hoe rekbaar hy in sy doktersloopbaan was.

83. *Braby's Transvaal and Rhodesia Directory 1917-18*, pp. 1007 en 1033.
84. *Braby's Transvaal and Rhodesia Directory 1917-18*, p. 1008.
85. Mededeling deur mev. Lettie van Jaarsveld.
86. Brief van mev. Elsa Andrag aan skrywer, 19-8-1994, p. 3.
87. TAB, Schnitterboedel, nr. 32229/1917.
88. TAB, Schnitterboedel, nr. 32229/1917.

## 'n Medikus se tragiese dood na 'n ongeluk op Greylingstad, 11-7-1917

Aan alle goeie dinge kom daar 'n einde. Hierdie einde was ontydig en skokkend vir die boeregemeenskap. 'n Jaar voordat die Groot Griep van 1918 uitgebreek het, waarin hy onmisbaar sou wees, het dit gebeur, heel onverwags van 'n man wat in die fleur van sy lewe was - byna 53 jaar oud. Op 11 Julie 1917 het sy chaffeur, Kotzé, hom na Greylingstad geneem waar die Johannesburg-Durbanspoorweg noord-suid loop. Daar was 'n onbewaakte spoorwegoorgang met swak sig, wat versigtigheid vereis het. In die motor was Kotzé aan die stuur met die dokter aan sy linkerkant, en op die agterste sitplek, E. Peters, 'n bekende boer van Herbstfontein, sommige sê hy was van Sprucewell.

Die beste beskrywing van wat daardie middag om 3 nm gebeur het vind ons in die *Rand Daily Mail* van 12 Julie 1917.[89] Kotzé het foutiewelik gedink dat die spoor onbeset was, het aangery ná die stopteken, sonder om te sien dat 'n goederetrein met groot snelheid van Durban na Johannesburg aankom. Toe hy die trein gewaar, het hy probeer om die motor so om te swaai dat dit parallel met die spoor sou bly, maar daar was geen tyd meer nie. Toe die drie insittendes besef dat 'n botsing op die spoor onvermydelik was, het hulle uitgespring. Mnre. Peters en Kotze was suksesvol, maar nie dr. Schnitter nie. Hy was byna uit die motor toe die fluitende en rasende lokomotief die motor met volle geweld skep en sowat 500 meter saamsleep.

Dr. Schnitter is met groot geweld teen 'n sinjaalpaal geslinger. Albei sy bene was af en 'n gapende wond aan sy regtersy het groot pyn en bloedverlies meegebring. Die dokter wat in die stof gelê het, het omstanders beveel hoe om eerstehulp toe te pas, sodat hy behoorlik gespalk, en die bloeding gestop is. Kort op die hakke van die goederetrein het 'n passasierstrein vanaf Durban na Johannesburg gevolg. Daarop was 'n spoorwegdokter, dr. Glen, wat op Balfour moes afklim. Hy het dr. Schnitter dadelik te hulp gesnel. Hy het besluit om sy kollega op die trein te laai met die doel om hom in die Johannesburgse hospitaal te laat verpleeg. Dr. Glen het dit vir hom so gerieflik moontlik in 'n kompartement gemaak, hopende dat hy sou oorleef. Teen 5 nm., toe die trein die Wattlesstasie naby Germiston genader het, het dr. Schnitter baie swak geword. Die tradisie wil dat hy, wat verkies het om regop te sit, gaan lê het met die woorde: "Dit is te veel vir vlees en bloed" - en die gees gegee het.

Talle koerante het die nuusberig oor dr. Schnitter se dood geplaas, soms met afwykende gegewens. Volgens die *Star*[90] het 'n trein van Johannesburg na Durban verbygegaan, toe Kotzé stilgehou het en denkende dat die spoor skoon was, het hy aangery sonder om die trein van Durban raak te sien. Dit is onwaarskynlik. Die meeste koerante bevestig die *Rand Daily Mail* se verslag.[91] Wie was verantwoordelik vir dr. Schnitter se dood? - 'n man wat so onmisbaar vir 'n geïsoleerde boeregemeenskap was. Dit was Kotzé wat nie sy plig as chaffeur nagekom het nie, nl. oplettendheid en uiterste versigtigheid veral by so 'n riskante spoorwegoorgang.

Dr. Schnitter se lyk is wel na die Johannesburgse hospitaal geneem waar 'n lykskouing gedoen en 'n doodsertifikaat aan die Meester van die Hooggeregshof uitgereik is. Die lyk is gekis met 'n omhulsel daaromheen, en na Greylingstad teruggestuur, en so tragies, saam met 'n bedrag van tien sjielings en 'n sikspens en 'n bossie sleutels wat in sy sak was.[92] Hy is op sy plaas begrawe op 'n plek aan die hang van 'n westelike heuwel, wat hyself

89. *Rand Daily Mail*, p. 7, kolom 7.
90. *The Star*, 12-7-1917, p.4.
91. *De Burger*, 12-7-1917, p. 3 en *De Volkstem*, 13-7-1917, p. 10.
92. TAB, Schnitterboedel, nr. 32229/1917.

aangetoon het in 'n gesprek met iemand, nl. "hier is 'n pragtige plek vir 'n begraafplaas". Van daar af sou sy graf met die wit kopklip van ver af sigbaar wees. Vir menigeen was daar 'n gedagte: Hier rus 'n dokter wat wyd en ver oor sy plaas uitkyk - te vroeg gestorwe. Sy kinders het onthou dat hul vader per trein in 'n kis huis toe gekom het. Die moeder het die doek waarmee die kis gedrapeer was, bewaar, en dikwels met die twee weesseuntjies, Otto, 8 jaar oud en Curt, 5 jaar oud, by die graf gaan sit en treur.

Soos dit gaan, het dr. Schnitter se lewe met 'n koerantberig geëindig. Die *South African Medical Record*[93] het eers aan die begin van 1918 'n kort beriggie oor sy dood gehad: "This practitioner died recently. He qualified in Germany in 1892 and came to this country in 1896, settling first at Heidelberg [foutief], and then at Hex River in the same district." Die *Medical Journal of South Africa* het nie eens na sy dood verwys nie. Geen artikel het oor hom verskyn nie, en hy het ook nie in genoemde mediese tydskrifte gepubliseer nie. Hy was te veel 'n man van die praktyk, wat hom nie met teoretiese kwessies of ondersoeke besig gehou het nie, en het as sodanig medies in die vergetelheid geraak.

Dat dr. Schnitter in sy omgewing diep spore getrap het, Iy geen twyfel nie, en dat hy onmisbaar was ook nie. Nie sonder rede nie het die *Rand Daily Mail* geskryf:

> He was known throughout the Greylingstad district as a skilfull practitioner and a good friend, and the news of his tragic end will be received with real grief by a wide circle.[94]

Die Johannesburgse *Star* het geoordeel dat sy dood deur sy omgewing betreur is, want daar was hy

> respected and esteemed as an able medical man and a kindly gentleman.[95]

Met reg het *De Volkstem* geoordeel:

> de overledene was zeer bemind in zijn omgeving.[96]

Die Suid-Afrikaanse regering het soveel vertroue in dr. Schnitter gehad, dat, toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitgebreek het, hulle hom as Duitse burger nie geïnterneer het nie, soos dit die geval met soveel ander Duitsers was. Op 26 Augustus 1914 het hy aan die magistraat van Heidelberg geskryf dat hy, hoewel 'n Duitse burger, hom slegs by sy werk bepaal en aan geen politieke organisasie behoort nie, ook dat hy, hoewel in militêre verbinding met Duitsland, tog bó die ouderdom van dienspligtigheid was, op grond waarvan hy nie meer vir mobilisasie opgeroep kon word nie. Hy het twee van die militêre stukke ingesluit.[97] Die regering het hom vrywaring verskaf en hy kon ongehinderd met sy werk as arts voortgaan.

Dat dr. Schnitter 'n aanwins vir Suid-Afrika was, staan vas soos 'n paal bo water. Dit is ironies dat hy, wat vanaf die vorige eeu tot 1913 'n verbintenis as reserwe met die

---

93. Vol. XVV1, 12-1-1918, p. 13.
94. *Rand Daily Mail*, 12-7-1917, p. 7.
95. *Star*, 12-7-1917, p. 4.
96. *Volkstem*, 13-7-1917, p. 10.
97. TAB, CES 41 verw. ES 70-703-14. Die magistraat het wel aanbeveel dat hy 'n skrywe moet ontvang waarin gesê word dat hy 'n streng neutrale houding moet inneem en alle bespreking van die oorlog verbied word.

Duitse weermag gehad het, die geweld van die Eerste Wêreldoorlog ontsnap het, maar dat hy tog gewelddadig in Suid-Afrika omgekom het. Blykbaar het die mense van sy tyd nie geweet van sy wêreldreise, sy enorme kennis en van sy vallende siekte nie - miskien 'n rede waarom hy sy lewe aan die mense van Suid-Afrika gewy het en nie in sy vaderland, Duitsland diens gelewer het nie. Wie na dr. Schnitter se portret kyk, sal opmerk dat hy nie 'n lang man was nie, slegs 166 cm hoog. Hy het 'n indrukwekkende gesig gehad met 'n Bismarcksnor en arendsoë - 'n egte Pruis uit Brandenburg. Vandag leef sy naam voort in sy nageslag wat met eerbied op sy lewe en werk kan terugkyk.

## Schnitter se boedel en verlore Duitse erfenis

Volgens oorlewering was die dokter 'n indrukwekkende persoonlikheid, 'n gesinsmens en baie lojaal teenoor sy Afrikaanse vrou en kinders, wat omgekeerd groot liefde en bewondering vir hom gekoester het. Sannie Schnitter sou haar twee seuntjies van 8 en 5 alleen moes grootmaak. Die bron van inkomste wat 'n hoë lewenstandaard verseker het, was meteens weg. Na die geboorte van die tweede kind, Curt, het dr. Schnitter 'n testament op 29 April 1912 laat optrek, onderteken deur A. Howett en Max Meyer, 'n Duitse veehandelaar en die slagter van Hexrivier, waarvolgens sy vrou en kinders die enigste erfgename was. Die erwe is verkoop en vee en ander goedere per publieke veiling van die hand gesit, o.a. die wrak van sy motor wat darem £16-10-0 gehaal het. Wat tyd geneem het, was die insameling van skuld van pasiente volgens die dokter se rekeningstate. Uiteindelik was daar, insluitende die waarde van die plaas, £4 172-0-4 om te verdeel. Volgens die testament sou mev. Schnitter £2 086-0-7 ontvang waarvan £537-10-7 in kontant, terwyl die twee kinders elk £548-0-4 in kontant, en een kwart elk van die waarde van die plaas ontvang het, dus £1 043-0-4 elk.[98]

Hierdie reëling van die Meester van die Hooggeregshof sou nie standhou nie, omdat mev. Schnitter na agtien maande aan 'n tweede huwelik gedink, en om 'n trousertifikaat aansoek gedoen het, waarvan haar prokureur die Meester op 1 Februarie 1919 in kennis gestel het. Dit is toegestaan op voorwaarde dat sy haar deel van die plaas aan die twee seuns oordra, en dan £383-18-6 inbetaal om die balans op te maak. Die testament het bepaal dat, ingeval van 'n hertroue, die vruggebruik van die plaas ophou om te bestaan.

Op 10 April 1919 het Sannie Schnitter aan die Meester gemotiveer waarom sy haar "verplig" voel om haar vir 'n tweede keer in 'n huwelik te begewe, nl. dat sy alleen op die plaas woon en die boerdery agteruit gaan omdat die swart werkers "ongehoorsaam" was. Die lewe het vir haar swaar en duur geword. Sy het beweer - en dit is duidelik 'n verdigsel - dat die dokter haar in 1912 "gedwing" het hom om die testament te onderteken, nadat sy twee keer geweier het om dit te doen omdat dit in Engels opgestel is wat sy nie verstaan het nie.[99] Moontlik het haar aanstaande man haar die raad gegee om daardeur die vereiste £383-18-6 kwytgeskeld te kry, sodat sy 'n sertifikaat van hertroue kon bekom, wat nie deur die Meester toegestaan is nie. Op 28 April het sy weer geskryf en voorgestel dat die Meester met 'n "bewys" tevrede moet wees totdat sy geld uit Duitsland kry. Sy was bekommerd dat, as alles presies volgens die testament sou afgehandel word, daar nie geld sal wees om haar twee seuns op te voed nie.[100] Die Meester het die versoek nie

98. TAB, Schnitterboedel, nr. 32229/1917, "Distribution in terms of Will".

99. TAB, Schnitterboedel, nr. 32229/1917, "Distribution in terms of Will", S.J.M. Schnitter aan Meester, 10-4-1919.

100. TAB, Schnitterboedel, nr. 32229/1917, "Distribution in terms of Will", S.J.M. Schnitter aan Meester, 28-4-1919.

toegestaan nie, sy het die geld gevind, wat haar 'n vrypas tot 'n tweede huwelik verleen het, dié keer in 1920 op Cornelia, in die Oranje-Vrystaat, met 'n wewenaar en boer, Jurie Johannes Geldenhuys (1867-1934),[101] wat vrot van die skuld was en 'n slag met die "ryk weduwee" geslaan het. Die kinders sou dus op jeugdige leeftyd 'n stiefvader kry wat drie ongetroude kinders die vroeëre doktershuis ingebring het.

Hulle was Jurie Johannes, Maria Aletta Magdalena (Lettie) wat later met Johan Hendrik Feldtman getroud is en Elizabeth Magdalena Catrina (Bettie) wat met Johannes Grové getroud is. Die ander was Jacobus Petrus, Margaretha Johanna Geldenhuys wat 'n dogter nagelaat het, getroud met H. Rawstone, en Maria Elizabeth wat met 'n Goosen getroud is, wat by haar dood drie kinders nagelaat het. Jurie Johannes Geldenhuys, die nuwe man van Sannie Schnitter, was van Riversdal in die Kaap afkomstig. Sy vader was Jacobus Petrus Geldenhuys en sy moeder Johanna Catarina Pieters. Ewewel, die drie nuwe kinders in die Rusfonteinse huis het 'n moeilike tyd van aanpassing vir die twee Schnitter-seuntjies meegebring. Hulle het later altyd gepraat van "pa se kinders". Bettie was vir hulle goed en hulle het haar onthou.

Die "geld uit Duitsland" waarvan mev. Schnitter melding gemaak het, was die erfenis wat die dokter na sy moeder, Emma, se dood in 1910 moes ontvang het, nl. sowat 120 000 Duitse mark. Hy het die geld egter in sy broer Curt se sakeonderneming en in effekte belê en met die bou van sy huis in 1913 sowat 'n derde daarvan teruggekry. Die Eerste Wêreldoorlog het in 1914 uitgebreek, wat kontak met Duitsland verbreek het. Daar was 'n erfenis van 81 263 Duitse mark wat soos gesien, voor die oorlog vier duisend pond sterling in Suid-Afrikaanse geld werd was. Dr. Otto se broer Curt het positief op die boedeleis gereageer wat hy op belegging in 'n bank in Cottbus gehou het.

Toe betrekkinge met Duitsland na die oorlog genormaliseer is, het prokureur A. von Geusau van Heidelberg wat dr. Schnitter se boedel behartig het, met Curt in verbinding getree. Dié het hom op 20 Januarie 1920 meegedeel dat die waarde van die mark deur inflasie erg gedaal het en dat dit beter sou wees om die geld daar met rente in belegging te hou, en te wag tot die wisselkoers verbeter.[102] Dit het nie, ten opsigte van die pond sterling het die waarde van die mark van een sjieling tot twee pennies gedaal.[103] In 1924 het die mark deur inflasie sodanig gedaal dat een pond sterling 240 miljoen mark werd was![104] Die Duitse erfenis is in elk geval nie in die boedel opgeneem nie, en by die Meester van die Hooggeregshof is aanbeveel dat dit "nutteloos" is om ooit 'n realisering daarvan te verwag. Dr. Schnitter het 'n ondiens aan sy kinders bewys toe hy nie sy moeder se erfenis na 1910 in geld omskep het nie, maar dit in sy broer Curt se besigheid en in effektetrusts belê het. Op 9 Junie 1930 het die seun, Otto, by die Meester navraag oor die Duitse erfenis gedoen, maar hy is laat weet dat die Meester geen mag het oor bate buite die Unie nie en hom aangeraai om aan die Duitse konsul in Pretoria te skryf.[105] Mev. Geldenhuys en haar twee seuns het nooit 'n sent van die Duitse erfenis ontvang nie.

Met die kontant-erfenis van die twee seuns, nl. £548-0-4 elk het dit ook skeefgeloop. Jurie Geldenhuys het skuld gehad en hy was van mening dat die seuns hulle erfgeld aan hom moes afstaan om dit te kan betaal in ruil vir die kos wat hy hulle gegee het om te eet

---

101. Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, boedel nr. 36188/28, geregistreer op 23-3-1944, bevattend sterfkennis en boedel.
102. TAB, Schnitterboedel, nr. 32229/1917, skrywe van Curt Schnitter uit Cottbus aan A. von Geusau, 20-1-1920.
103. TAB, Schnitterboedel, nr. 32229/1917, A. von Geusau aan Meester, 6-3-1920.
104. TAB, Schnitterboedel, nr. 32229/1917, A. von Geusau aan Meester, 16-9-1924.
105. TAB, Schnitterboedel, nr. 32229/1917, skrywe van Otto Schnitter, Vlokstraat 6, Sunnyside, Pretoria, 9-6-1930, en die antwoord van die Meester op 14-06-1930.

Hy het dit deur sy vrou, Sannie, reggekry wat aand na aand by die seuns gesit en huil het om hulle erfporsie aan haar nuwe man te gee, nl. wat wel gebeur het.[106] Bygevolg was daar geen geld om die seuns, Otto en Curt, te laat leer nie. Hulle sou die mas alleen moes opkom.

In 1924 het hulle die plaas Rusfontein aan E.J. van Jaarsveld vir £1,600 verkoop, waarop my vader die huis vanaf die datum tot 1950 bewoon het. Op 4 Augustus 1950 het hulle die huis ontruim en my broer E.J. en sy vrou, Lettie, het daar ingetrek en tot 1976 daar gewoon, toe hulle na Marble Hall verskuif, en sy seun, E.J. van Jaarsveld daar intrek geneem het, waar hy en sy gesin vandag nog woon. Susanna Geldenhuys het met haar man na Cornelia, naby Vrede in die Vrystaat getrek, waar sy op 1 Maart 1943 in die ouderdom van 68 jaar en drie maande oorlede is.[107] Omdat hulle in gemeenskap van goedere getroud is, het die boedel van £930-4-5 na die langslewende gegaan, en sou mev. Geldenhuys se spaarbankinhoud in gelyke dele onder haar twee seuns uit die eerste huwelik verdeel word, nl. £100-1-8. Hoewel die vruggebruik op die plaas na haar tweede huwelik verval het, het Jurie Geldenhuys die plaas bewerk, en nooit 'n sent aan huurgeld aan die seuns betaal nie. Jurie Johannes Geldenhuys is op 22 November 1943 in die hospitaal op Harrismith oorlede, 8 maande na sy vrou se dood op 1 Maart 1943. Hy was 76 jaar en drie maande oud, 'n rustende boer wat aan erwe en ander goedere £977-11-8 vir sy kinders en kleinkinders (nie die Schnitters nie) nagelaat het, min of meer die bedrag wat hy uit die erfenis van die twee Schnitterseuns losgekry het, nl. £1 096-0-8.

**Die lotgevalle van dr. Schnitter se seuns, Otto en Curt**

Die oudste seun, Otto Schalk, het sy laerskooljare op die plaasskool Rietvlei, 'n paar kilometer van hulle huis af, besoek en daarna matriek aan die Hoërvolkskool, Heidelberg, geslaag en een jaar medies gaan studeer.[108] Daar was egter nie geld om daarmee voort te gaan nie. Hy sou nie soos sy pa 'n dokter word nie, maar dié se aanvanklike militêre verbintenis voortsit deur by die Weermag aan te sluit, waar hy hom opgewerk het, en op 'n keer aan die hoof van die Spesiale Diensbataljon gestaan het. Hy was blykbaar die eerste offisier wat Afrikaans op die paradegrond gebruik het. Destyds was die weermag sterk Engels georiënteerd.

Otto het vinnig opgang gemaak en sy land in die Tweede Wêreldoorlog militêr gedien; al was hy van Duitse herkoms het hy teen die Duitsers opgetree, nie op die slagveld nie, maar as stafoffisier wat by beplanning betrokke was. In 1940 het hy senioriteit in die Weermag bereik en majoor geword; in 1943 luitenant-kolonel, later brigadier, 'n rang waarmee hy sou emeriteer. Met die rang was hy tevrede, en het nie die ambisie gehad om hoër te klim nie. Hy was verbonde aan die eerste Suid-Afrikaanse Divisie, en is op 3 Januarie 1941 na Nairobi gestuur, waarna hy na Kairo toe is, en vanaf 8 September 1941 in Haifa 'n stafoffisierskursus gevolg het. Op 7 Januarie 1942 het hy na Pretoria teruggekeer. Op 17 April 1942 is hy na die hoofkwartier ontbied en het verbonde geraak aan die 8ste gewapende brigade. In 1943 het hy in die hoofkwartier as offisier gedien, en as instrukteur-offisier in die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege opgetree.

Hy is na verskillende afdelings van die militêre hoofkwartier gestuur, o.a. die Premiermyn, Johannesburg, Durban en Pietermaritzburg, ook is hy verbind aan die

---

106. Brief van mev. Elsa Andrag aan skrywer, 19-8-1994, p. 11.

107. OVS-Argiefbewaarplek, sterfkennis en boedel 226/43 en Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein boedel 36188/28, geregistreer op 23-3-1944, sterfkennis en boedel van Jurie Johannes Geldenhuys wat op 22-11-1943 oorlede is.

108. Brief van Elsa Andrag aan skrywer, 19-8-1994, p. 3.

personeel van die Noordelike Kommandement. Op 10 September 1944 is hy na Rome afgevaardig, en het vandaar na die Midde-Ooste vertrek waarna hy van Almaza na Pretoria teruggekeer het. Otto Schnitter het baie medaljes vir sy dienste ontvang: o.a. die 1939-1945-ster, die Afrikaster, die Italiëster, die oorlogsmedalje, die Afrika-diensmedalje en die Britse Verdedigingsmedalje. In 1948 is hy as militêre attache na Rome gestuur, en in 1953 was hy die hoof van die kroningskontingent wat na Brittanje gestuur is, waar koningin Elizabeth hom met 'n medalje aan sy bors vereer het.[109]

Brigadier Otto Schnitter was met mej. Hester Maria Mostert getroud, wat vroueredakteur van die *Vaderland* was.[110] Hulle is in Augustus 1940 op huweliksvoorwaarde getroud. Hy het haar voor die huwelik £250 en 'n Ford V8, 1938-model, as bruidskat geskenk en moes as soldaat 'n polis by Ou Mutual uitneem. Sy is op 27 Augustus 1914 te Kroonstad gebore. Haar moeder was Johanna Maria Mostert (gebore Serfontein) en haar vader Tobias Mostert, wat in 1941 oorlede is. Haar moeder het in Aliwalstraat 65, in Bloemfontein gewoon. Hester Schnitter, 'n besonder aangename mens het borskanker gekry en vier jaar lank daaraan gely. Toe Otto Schnitter as brigadier 'n militêre attache in Rome geword het, waar hy twee jaar lank moes bly, het hy na nege maande moes terugkeer vanweë haar verslegtende toestand. Sy is op 10 Maart 1950 in die militêre hospitaal, Voortrekkerhoogte oorlede en daar begrawe. Sy het 'n polis van £544 vir haar man laat staan en dié moes 'n ander polis ter waarde van £465 beheer en haar ma elke maand £10 daaruit stuur.[111]

Otto Schnitter het ses jaar lank wewenaar gebly. Op 20 Junie 1956 is hy getroud met Charlotte Sibella (Sybel) Schoeman, die weduwee van sy vriend Hendrik Stephanus Schoeman, wat ná verwonding in die Koreaanse Oorlog, waaraan Suid-Afrika deelgeneem het, in 1951 in Pretoria oorlede is. Hy het twee seuns gehad, Andre Wichura en Hendrik Stephanus Wichura Schoeman. André het 'n advokaat in Pretoria geword en sy broer 'n sakeman. Charlotte Sibella Schoeman is op 27 September 1924 gebore. Sy het geen kinders van brig. Otto Schnitter gehad nie, waardeur Otto geen nageslag nagelaat het nie.

Soos sy vader, dr. Otto Schnitter, het sy oudste seun met vrou en al tragies in 'n motorongeluk op 11 Februarie 1977 op slag om die lewe gekom. In die *Star* van 12 Februarie 1977 lees ons:

> A retired South Afican Army brigadier and his wife, were killed instantly last night when their car struck the back of a stationary lorry on the old Johannesburg road near Voortrekkerhoogte. A team of Pretoria firemen pulled the bodies of Brigadier Otto Schnitter (66) and his wife Sybil (52) from the mangled wreckage at about 8.15.[112]

Aan elke Schoeman-seun is R9 588,38 uit die boedel toegeken.[113]

Otto se broer, Curt, het wel 'n nageslag gehad sodat die naam Schnitter vandag in Suid-Afrika voortleef. Hy het geen gelukkige lewe onder sy stiefvader en dié se kinders gehad nie, het st. 6 op die Rietvleise laerskool deurgekom, waarop sy stiefvader, Jurie Geldenhuys, hom uit die skool gehaal het om hom met die boerdery te kon help. As die lewe met sy stiefpa en sy kinders vir hom te veel geword het, het hy die klipkoppies van Rusfontein tot uitkoms gekies, en daar troos gevind en diep nagedink. Hy wou so graag

---

109. Gegewens in die Militêre Argief, Pretoria, WR 12/6274.
110. Brief van mev. Curt Schnitter aan skrywer, 21-10-1994.
111. TAB, boedel 1315/50.
112. *The Star*, 12-02-1977.
113. Meester van die Hooggeregshof, boedels 1728/77 en 1718/77.

studeer en dokter word, maar sy stiefpa het hom sy geërfde studiegeld ontneem om uit sy finansiële verknorsinge te kom.

'n Onderwyser het hom toe aanbeveel om matriek deur middel van 'n korrespondensiekursus te slaag. Curt het 'n fotografiese geheue gehad, was leergierig en vlytig, en het sts. 7-10 in twee jaar afgelê, en 'n matrieksertifikaat verwerf, wat hom vrypas tot die beroepslewe of 'n universiteit gegee het. Sy studie het hy "agter die skape" in die rantjies gedoen en by die kombuistafel, soms tot vier uur in die oggend. As sy ma dan opstaan en kombuis toe gaan, het hy dan maar liewer uitgegaan om die skape te versorg.

Met sy matrieksertifikaat kon Curt in die depressiejare nie werk kry nie, al het hy tevergeefs by die Uniegebou aansoek gedoen om as bode te dien. Toe het hy na 'n lening begin soek: Die boere in die omgewing wou hom nie sonder sekuriteit help nie. 'n Joodse sakeman het hom toe £100 geleen, waarvan £8 reg aan die begin as rente afgetrek is! Daarmee is hy vir een jaar na die Universiteit van Pretoria, waar hy in Sonoptehuis tuis was, en Geskiedenis en Aardrykskunde geneem het. Daarna het hy hom by die Heidelbergse Onderwyskollege vir twee aar lank as onderwyser vir die laerskool bekwaam en aan die einde van 1936 'n TOD-diploma verwerf.[114] Sy eerste onderwyspos het hy in tydelike hoedanigheid op 18 Januarie 1937 by die Laerskool Zandfontein in die skoolraadsgebied van Vereeniging aanvaar. Tussen 2 Junie 1937 en 15 Januarie 1940 het hy telkens in tydelike hoedanigheid by ses verskillende skole in die skoolraadsgebiede van Vereeniging, Heidelberg en Zoutpansberg onderwys gegee. Hy het aangehou met studeer, en in 1939 'n BA-graad met Geskiedenis en Geografie as hoofvakke aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf.

Terwyl hy in die Zoutpansbergdistrik skoolgehou het, het hy mej. Francina Louisa Alberts ontmoet, en met haar op 2 Desember 1939 in Pietersburg in die huwelik getree, wat vir hom die geluk gebring het wat hy in sy moeilike kinderjare gemis het. Op 16 Januarie 1940 is Curt Schnitter in 'n permanente hoedanigheid by die Laerskool De Deur, naby Vereeniging, aangestel, en op 1 April 1947 bevorder tot hoof van die skool. Op 1 Januarie 1952 het hy vise-hoof van die Laerskool Johanna van der Merwe te Rothdene geword. Vanaf die begin van 1958 het hy as vise-hoof van die Laerskool Frikkie Meyer in Vanderbylpark opgetree. Curt Schnitter het sy studie voortgesit, en in 1961 'n B.Ed.-graad aan die Universiteit van Potchefstroom verwerf, wat hom gehelp het om op 1 Januarie 1966 hoof van die Frikkie Meyer-laerskool te word. Daar het hy gebly tot met sy aftrede op 31 Desember 1972.[115]

Curt Schnitter was 'n Christelike en beginselvaste mens. Hy het sy ma belowe om nooit sterk drank te gebruik nie, waaraan hy hom sy lewe deur gehou het. Hy was 'n goeie onderwyser, 'n perfeksionis wat 'n besondere gawe gehad het om minder begaafde leerlinge te onderrig. Hy kon vloeiende toesprake hou sonder aantekeninge, en het die Afrikaanse kultuur deur sy skool bevorder. Sy stiefpa het hom in die Baptistekerk opgevoed, maar kort voor sy troue het hy na die NG-Kerk oorgegaan en baie jare lank as hoofouderling diens gedoen.[116] Na sy aftrede het Curt Schnitter in Vanderbylpark gewoon. Agt jaar lank het blaaskanker hom geteister en op 1 April 1985 is hy daaraan in die Universitashospitaal in

114. Elsa Andrag aan skrywer, 19-8-1994, p. 5.

115. J.L. Archer, Uitvoerende Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement aan skrywer, Augustus 1994, pp. 1-2 (ongedateer). Curt se onderwysnommer was E 49512.

116. Elsa Andrag aan skrywer, 19-8-1994. As kind op 'n buurplaas, Rooiwal 295, herinner ek my dat, wanneer die Baptistepredikant uit Cornelia gekom het, die bure uitgenooi is om 'n diens by te woon, wat my vader aan gevolg gegee het. Ons het dan op die groot noordelike stoep gesit en sy (tant Sannie Geldenhuys) het ná die diens tee bedien.

Bloemfontein oorlede[117] en op Vanderbylpark begrawe.

Sy lewe was 'n oorwinning oor die swaarkry van sy kinderjare wat ná die dood van sy pa, dr. Otto Schnitter, gevolg het. Hy het sy land en volk nie medies bedien soos sy roemryke Duitse vader uit Brandenburg nie, maar as onderwyser. In sy studentejare was hy soos die mode destyds was, pro-Duits en het lid geword van die Gryshemde van Louis Weichard, wat ná 1948 senator geword het. Op die "grootberg" op Rusfontein het hy en sy broer Otto 'n groot hakekruis op 'n dolorietrotswand uitgekap wat vandag nog te sien is, 'n blywende aandenking aan sy Duitse afkoms.

**Die naam Schnitter leef voort in Suid-Afrika**

Curt en Francina Schnitter het twee kinders in die wêreld gebring, nl. Otto en Elizabeth Schnitter. Otto Schnitter is op 8 Maart 1944 in Johannesburg gebore. Dr. Joubert wat vir Francina bygestaan het, het vertel dat haar oupa, dr. Otto Schnitter, hom in die lewe gehelp bring het! Otto junior het in 1962 aan die Vanderbylparkse Hoërskool gematrikuleer, hoofseun daar gewees, en toe 'n Ingenieursgraad aan die Universiteit van Pretoria in 1966 verwerf. Daarna het hy aan die University of Texas, Austin, in 1978 'n M.Sc. in die Ingenieurswese verwerf, tot 1986 in Pretoria gewerk en daarna in Bloemfontein. Hy is op 30 Maart 1968 met Johanna Barendina Badenhorst (Ina) in die AGS-kerk in Vereeniging getroud. Sy was 'n laerskoolonderwyseres.

Hulle het drie kinders wat die Schnitternaam in Suid-Afrika bestendig. Die oudste was Curt Richardt Schnitter wat op 26 Junie 1970 in Pretoria gebore is. Hy het in 1988 aan die Hoërskool Sentraal, Bloemfontein, gematrikuleer en in 1993 B.Argitektuur aan UOVS geslaag en is op 16 April 1994 met Madeleen Struwig in die NG-Kerk Noordhoek, Bloemfontein getroud. Sy vrou het ook 'n B.Arg. in 1993 aan dieselfde universiteit verwerf. Die tweede seun is Johannes Jakobus Schnitter gebore op 15 Julie 1976 in Pretoria. In 1994 is hy 'n matriekleerling aan die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein en beplan om B.Arg. in 1995 te studeer.

Die middelste kind is 'n dogter, Hanli Schnitter wat op 6 September 1972 in Port Elizabeth gebore is. Sy het in 1990 gematrikuleer aan die Hoerskool Sentraal in Bloemfontein en 'n diploma in Mode-ontwerp aan die Joelines Mode-akademie, Pretoria in 1991 verwerf.

Curt en Francina Schnitter se dogter, Elizabeth (Elsa) is op 14 Januarie 1948 te Pietersburg gebore, het in 1965 aan die Vanderbylparkse Hoërskool gematrikuleer en in 1969 'n BA (Log) aan die Universiteit van Pretoria verwerf, waarna sy 'n spraakterapeut van 1970 tot 1972 in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement was, soos haar vader. Op 19 November 1969 is sy in die NG-Kerk Vanderbylpark-Sentraal met 'n Suid-Afrikaner van Duitse herkoms getroud, nl. Hans Dieter Andrag wat in 1965 'n B.Comm.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het, en tans medebestuurder van Agrico-Masjienerie in Bloemfontein is. Hulle het vyf kinders wat nie die naam Schnitter sal voortsit nie, behalwe in twee voorname.

Hulle is Alfred Otto Andrag, gebore op 2 Junie 1972 in Lichtenburg. Hy het in 1990 aan die Hoërskool Fichardtpark, Bloemfontein, gematrikuleer, en was in 1994 'n vierdejaar B.Ing.-student (Bedryf-Meganies) aan die Universiteit Stellenbosch. Heinz Wemer Andrag is op 2 Januarie 1974 te Lichtenburg gebore en het in 1992 aan genoemde hoërskool gematrikuleer, waarna hy aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat gaan studeer het, en in 1994 'n derdejaarstudent in B.Comp. was. Franziska Andrag is op 15 Desember 1976

117. Meester van die Hooggeregshof, boedel 6348/85.

te Lichtenburg gebore en was in 1994 'n matriekleerling aan die Hoerskool Fichardtpark. Sy wil 1995 aan die Universiteit Stellenbosch vir 'n BA-Teologiekursus inskryf.

Die twee jongste kinders is 'n nie-identiese tweeling, Ralph Dieter Andrag en Jurgen Curt Andrag, wat op 22 April 1982 in Bloemfontein gebore is en tans, in 1994, st. IV-leerlinge aan die Laerskool Fichardtpark is.[118]

Soms wonder 'n mens of die kinders in die nuwe Suid-Afrika terugdink aan hulle herkoms uit Brandenburg, die Duitsland van Bismarck en keiser Wilhelm II. Die stamvader, dr. Otto Gottlob Schnitter, het die geweld van die Eerste Wêreldoorlog ontsnap en 'n finale tuiste in Suid-Afrika gevind, waar sy nasate woon en 'n toekoms vir hulle en hulle toekomstige geslagte moet verseker.

Kyk 'n mens vandag na die graf van die dokter, weet jy dat daarin 'n verminkte liggaam lê, 'n indiwidualis en humane mens met wêreldwye ervaring en 'n enorme kennis van ander lande en die mensheid. Tussen Brandenburg, Duitsland, en Rusfontein, Suid-Afrika, bestaan daar deur die lewe en werk van dr. Otto Schnitter, wat so baie vir die boere van sy omgewing gedoen het, 'n noue verband. Sy nagedagtenis sal in Suid-Afrika voortleef.

118. Gegewens uit die brief van mev. Elsa Andrag aan skrywer. 19-8-1994, pp. 6-7.